Met die deur in die huis

Virseker – dis bakgat versekering in ons taal! Maar ons bied heelwat méér as dit – ons doen dinge, van hierdie dokument, tot jou polisboek, tot ons inbelsentrum, in Afrikaans. Maar met jou hulp gaan ons selfs verder: saam dra ons by tot die voortbestaan van ons pragtige taal, want ons skenk 'n gedeelte van jou premie aan die Virseker Trust, waar dit aangewend word tot die bevordering van Afrikaans. Daardeur gee ons finansiële steun aan Afrikaanse onderrig, bevorder ons Afrikaanse musiek en kuns, en ondersteun ons skolesport, want saam verseker ek en jy Afrikaans.

Die inligting in hierdie dokument is belangrik, want dit reguleer ons versekeringsooreenkoms met jou. Lees dus asseblief die afdelings wat op jou van toepassing is, behoorlik deur, en kyk na jou skedule om seker te maak waarvoor jy verseker is.

Algemene bepalings en voorwaardes

Hier vertel ons vir jou wat jy alles mag en nie mag doen nie.

Waaruit jou Virseker-polis bestaan

Die skedule, bepalings en voorwaardes, en enige ander korrespondensie wat jy van ons gekry het (hetsy dit met slakkepos of e-pos was), vorm jou versekeringskontrak. Dit sluit ook enige mondelinge ooreenkomste in wat ons telefonies aangegaan het. Maak seker jy verstaan alles in hierdie dokumente en kyk die kat mooi uit die boom. Kyk asseblief ook of ons jou naam, adres, telefoonnommer en bankbesonderhede – die hele boksemdais – reg het.

Die algemene bepalings en voorwaardes van hierdie polis is op jou, die polishouer, lede van jou huishouding en enige iemand wat namens jou optree, sowel as enige persoon wat die versekerde items met jou of die lede van jou huishouding of gereelde bestuurder se algemene toestemming gebruik, van toepassing.

Definisies van terminologie in jou versekeringspolis

Skedule

Die gedeelte van jou polis wat al die besonderhede van jou polisdekking beskryf. Dit sluit die beskrywing van jou versekerde items, die premie, bybetalings en endossemente wat van toepassing op jou dekking is, in.

Gereelde Bestuurder

Die gereelde bestuurder is die persoon wat die versekerde motor mees dikwels en meer gereeld as enige ander persoon bestuur en wat spesifiek in jou skedule as die gereelde bestuurder genoem word.

Geen-Eis Bonus

Jou Geen-Eis Bonus is op die tydperk wat jy, omvattend sonder enige onderbrekings in dekking en sonder eise en verliese verseker is, gebaseer.

Gebruik van die Motor

Die tipe gebruik waarvoor jou motor verseker is verskyn op jou skedule. Dit is belangrik om seker te maak dat jou motor vir die korrekte gebruik verseker is. Indien jou motor nie vir die korrekte gebruik verseker is nie, sal jy nie dekking hê wanneer jy eis nie.

Motor

Enige motor of ligte afleweringsmotor wat in Suid-Afrika geregistreer is.

Bybetaling

Jou bybetaling is die eerste bedrag wat jy betaal wanneer jy eis en word op jou skedule aangedui.

Addisionele Bybetaling

Enige ekstra bybetaling wat by die basiese bybetaling gevoeg word. Alle addisionele bybetalings word op jou skedule aangedui.

Lid van Huishouding

Dit is enige persoon wat saam met jou by die residensiële adres woon.

Stuurman of -vrou

Die persoon wat 'n watertuig beheer of bestuur.

Hoe ons jou vergoed

Volgens jou ooreenkoms met ons, kan ons jou besittings óf vervang óf laat regmaak, óf jou daarvoor betaal (of 'n kombinasie van die drie). Hiervoor sal ons een van ons eie diensverskaffers gebruik, net om seker te maak dat jy die beste moontlike diens kry.

Indien herstelonderdele van 'n versekerde item nie beskikbaar is nie en dit die herstelling vertraag, sal ons jou nie vergoed vir die ongerief of geld wat jy verloor of vir enige aanspreeklikheid wat jy as gevolg van die vertraging mag aangaan nie, insluitend maar nie beperk tot addisionele motorhuur. Die verlore items wat met geskikte eise teruggevind word of beskadigde items wat nie herstelbaar is nie, word as ons eiendom beskou.

Wat jy betaal wanneer jy eis – die bybetaling(s)

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor jy eis, moet jy die basiese bybetaling betaal. Jy moet ook enige van die addisionele bybetalings wat op jou skedule verskyn betaal, saam met die basiese bybetaling, waar van toepassing.

Polisveranderinge en -kansellasie

Ons mag jou polis verander of kanselleer deur jou 30 dae voor die tyd daarvan in kennis te stel. Ons mag jou mondelings, óf met e-pos óf slakkepos laat weet. Laasgenoemde sal na die onlangsste adres wat ons vir jou het gestuur word. As jy op jou beurt weer 'n verandering wil maak of genoeg van ons gehad het en die polis wil kanselleer, is dit geldig vanaf die datum waarop jy so met ons ooreenkom. As hierdie datum in die loop van die maand is, sal ons ongelukkig nie die premie vir daardie maand aan jou kan terugbetaal nie.

Polishersiening

Jou polis sal jaarliks op die verjaringdatum hersien word. Enige veranderings wat aan jou polis voor die hersieningsdatum gemaak word sal ook aan die jaarlikse hersiening onderwerp wees.

Betalings

Jou debiet order sal op die datum wat ooreengekom is, afgetrek word. Ons hou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum te neem, in 'n poging om jou gedek te hou. Jou debietorder kan op 'n vroeër datum geneem word wanneer jou aftrekdatum op 'n Sondag of openbare vakansiedag val.

Betaling wat nie ontvang word nie

As ons nie die maandelikse premie vir jou polis op die aftrekdatum op jou skedule ontvang nie, sal jy nie versekering hê vir die tyd waarvoor jy nie betaal het nie. Sou jy vanaf die tweede polismaand nie jou premie op die aftrekdatum op jou skedule betaal nie, gee ons jou 'n 15-dae blaaskans na waarna ons weer die premie sal aanvra. As ons nie jou premie op die gekose aftrekdatum ontvang het nie, sal ons probeer om weer jou premie op 'n meer geleë datum af te trek. Dis hoe ons jou gedek hou. Sodra ons geen betaling vir drie opeenvolgende maande ontvang het nie, word die polis outomaties gekanselleer.

Herinstelling van onderbreekte versekering

Wanneer versekering onderbreek word omdat ons nie jou betaling ontvang het nie, het ons die reg om weer jou rekening met die daaropvolgende aftrekking te debiteer, om só te sorg dat jy nie ver van jou goed en naby jou skade is nie. U moet ook 'n betaling maak sodat die dekking weer in werking kan tree.

Deel van Inligting

Ons respekteer die privaatheid van jou inligting. Ons bevestig en openbaar inligting rakende eise, versekering en finansiële geskiedenis waar van toepassing, om reëlmatige versekeringspraktyke te verseker en om versekeringsbedrog te voorkom. Dit is van toepassing op enige iemand wat op hierdie polis gedek is.

Ons kan namens jou optree

Ons kan ook namens jou optree wanneer jy 'n eis instel. Ons kan teen ander partye eis om kostes te verhaal of om enige eis wat hulle teen jou mag hê te verdedig. Indien jou bybetaling vanaf die ander party verhaal word sal ons dit aan jou terugbetaal.

Jou verpligtinge

As jy nie die volgende nakom nie, mag ons jou versekering kanselleer en sal jy nie versekering geniet wanneer jy eis nie. Daarom moet jy asseblief:

1 korrekte en volledige inligting aan ons verskaf;
2 aan al ons redelike vereistes voldoen;
3 in alle opsigte saam met ons werk om die nodige betalings vir jou eis terug te vorder indien die skade of verlies deur 'n ander party veroorsaak is.
4 alle redelike sorg tref om verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid te voorkom of te beperk;
5 geen fout erken of enige aanbod maak en/of skikking aanvaar sonder ons geskrewe goedkeuring nie;
6 nie enige vervanging of herstelwerk toelaat wat nog nie deur ons goedgekeur is nie. Jy moet ons goedkeuring kry voordat jy enige beskadigde items laat herstel;
7 ons in kennis stel van enige polisbesonderhede of verklarings wat nie korrek is nie, of indien enige van hierdie besonderhede of verklarings verander;
8 ons inlig as die adres waar jy gewoonlik die versekerde goedere hou verander;
9 ons vertel van enige skuldigbevindings of oortredings wat met jou of enige ander persoon se oneerlikheid verband hou;
10 ons toelaat om toegang tot jou perseel te kry en enige geëisde eiendom in enige opsig wat ons as redelik beskou, te neem, besit te behou daarvan en te hanteer. Jy mag nie enige beskadigde eiendom laat vaar, of ons nou besit daarvan geneem het of nie; en
11 onmiddellik vir ons in kennis stel van enigiets wat die huidige of toekomstige aanvaarding of voortsetting van jou dekking mag beïnvloed, maar wat jy nog nie aan ons bekendgemaak het nie, soos byvoorbeeld kriminele aanklagte van bedrog.

Belangrike tydbeperkings

1 ons binne 30 dae ná die insident daarvan laat weet en ons al die volledige feite gee van enigiets waarvoor jy mag eis en waarvan jy bewus geword het;
2 binne 48 uur enige gesteelde of verlore goedere aan die polisie rapporteer;
3 enige inligting, bewyse en dokumente wat jy in verband met enige eis ontvang, binne 14 dae vanaf ons versoek, vir ons gee; en
4 alle inligting en dokumentasie waarvoor ons vra, binne 14 dae aan ons verskaf.

Bewys

Wanneer jy eis, kan ons jou vra om eienaarskap en die waarde van die goedere waarvoor jy eis, te bewys.

Dubbele Versekering

Indien enige verlies, skade of besering ten opsigte van hierdie polis ook elders deur 'n ander versekeringsproduk of versekeraar gedek word, sal ons jou slegs vergoed vir ons gedeelte van die verlies.

Ons vergoed jou nie vir:

Enige eis vir verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur, of voortvloei uit:
Opstande, oorloë, politiese aksies, openbare wanorde, terrorisme of enige pogings tot sulke aksies:

1 enige opstand, staking of openbare wanorde (insluitend burgerlike oproer, arbeidsonrus of uitsluiting), of enige daad of aktiwiteit wat lei tot of daarop gemik is om opstand, staking of wanorde van enige aard te veroorsaak;
2 oorlog, inval of optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandigheid of oorlogbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;
3 muitery, militêre opstand, militêre of wederregtelike oorname, krygswetgewing, 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die verklaring of instandhouding van krygswetgewing, 'n staat van beleg, volksopstand, rebellie of revolusie noodsaak;
4 enige daad (of dit nou namens enige organisasie, beheerliggaam, persoon of groep persone gedoen is) wat berekend is of daarop gemik is om enige staat of regering, of enige politieke, plaaslike of stamowerheid, met mag of deur middel van vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed;
5 enige daad wat berekend is of daarop gemik is om verlies of skade te berokken ten einde 'n politieke mikpunt, doelwit of doel te bevorder, of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring, of in protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid of om vrees onder die publiek of enige gedeelte van die publiek te laat posvat;
6 enige poging om enige daad, waarna in klousule 4 of 5 hierbo verwys is, uit te voer; en
7 die daad van enige wettige ingestelde owerheid om enige voorval, soos in klousule 1 tot 6 soos hierbo beskryf, te beheer, te verhoed, te onderdruk of om dit op enige manier te hanteer.

Slytasie en onklaarraking – dit sluit in:

1 enige oorsaak wat nie skielik en onvoorsien was nie;
2 geleidelike agteruitgang, insluitend stygende klamheid, slytasie, brekasie, waardevermindering, roes, skimmel, agteruitgang, of verbleiking;
3 enige skade of agteruitgang wat deur motte of ongediertes veroorsaak word;
4 'n styging in die ondergrondse watertafel of drukking wat daardeur veroorsaak word;
5 foutiewe smering of gebrek aan olie of verkoeler;
6 meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, defek of mislukking;
7 skade aan verbruikbare onderdele of onderdele met 'n beperkte lewensverwagting;
8 skade verhaalbaar ten opsigte van enige onderhoud of huurooreenkoms;
9 skade of verlies weens diens, onderhoud, skoonmaak, herstel, restourasie, kleur, bleiking, of verandering;
10 rekenaarvirusse en soortgelyke vernietigende media;
11 foutiewe ontwerp of swak werkmansskap.

Doelbewuste optrede

Ons sal jou nie vir enige eis vergoed waarin jy of 'n lid van jou huishouding, of enigiemand wat namens jou optree, opsetlike verlies, skade of besering veroorsaak het nie.

Inflasie, oneerlikheid of bedrog

Indien jy, of enigiemand wat namens jou 'n eis instel of inligting of dokumentasie aangaande 'n eis verskaf, in enige opsig bedrieglik of oneerlik is of oordryf, sal ons die hele eis afkeur en jou polis kanselleer, terugwerkend óf vanaf die datum waarop die eis ingedien is óf vanaf die eintlike insidentdatum, watter een ook al eerste was. Ons behou die reg voor om verdere aksie te neem, indien nodig.

Voorvalle waarvan die skade deur die wet verseker word

Enige voorval waarvoor 'n fonds gestig is kragtens die Wet op Oorlogskadeversekering en Vergoeding Wet 1976 (Nr 85 van 1976), soos gewysig, van die Republiek van Suid-Afrika, of enige soortgelyke wet wat geld in enige van die plekke waar jou polis van toepassing is.

Kernwapenmateriaal

Kernwapenmateriaal, ionisasie-bestraling of besmetting deur radio-aktiwiteit van enige kernbrandstof, kernafvalstowwe, of van die ontsteking van kernbrandstof, insluitend enige selfonderhoudende proses van kernsplitsing.

Nasionalisering

Nasionalisering, konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettige konstituerende owerheid.

Staking van enige werk

Staking of vertraging van enige werk, proses of bedryf.

Kontraktuele aanspreeklikheid

Enige verlies as gevolg van enige kontraktuele aanspreeklikheid.

Gevolglike verliese

Gevolglike verlies of skade, behalwe waar ons spesifiek vir skade of verlies van hierdie tipe verseker.

Verkoop van jou goedere

Indien jy enige van jou versekerde besittings verkoop, moet jy bevestiging van geldige en wettige betaling van jou bank kry voordat jy dié eiendom aan die ander persoon oorhandig.

Onwettige aktiwiteite

Enige verlies of skade wat voortspruit uit die gebruik van die versekerde besittings vir, of in verband met, enige onwettige aktiwiteit en/of die pleeg van enige misdaad.

Sou ons sê jou eis is nie verseker as gevolg van die uitsonderings hierbo nie, moet jy bewys dat dit nie so is nie.

Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko Versekerings-assosiasie (Sasria)

Sasria verseker jou as enige ongeluk- of doelbewuste skade aan jou eiendom veroorsaak is deur 'n persoon of groep mense wat deelneem aan 'n wanordelikheid, staking, uitsluiting of burgerlike oproer, of wat enigiets doen wat 'n politieke, sosiale of ekonomiese oogmerk of oorsaak het, of wat in protes teen enige staat of regering plaasgevind het. Hierdie versekering is beperk tot gebeure binne die grense van Suid-Afrika. Ons bewaar die Sasriahoofpolis en jy mag dit aanvra as jy wil. Indien jy SASRIA-dekking uitgeneem het sal die SASRIA polisdokumente afsonderlik verskaf word.

Bewys

As Sasria jou nie wil vergoed nie, is dit jou plig om te bewys dat jy wel verseker is.

Klagte-hanteringsproses

Indien jy die besluit ten opsigte van 'n eis wil betwis, kan jy dit binne 90 dae, deur die riglyne hier onder te volg, doen:

Stap 1:
Kom in aanraking met ons Senior Bestuursspan by 0860 10 90 59 om die uitkoms van jou eis te bespreek.

Stap 2:
Jy kan ons Interne Klagtehantering Departement by 0860 10 90 59 kontak indien jy nie tevrede met die uitkoms is nie.

Stap 3:
Indien ons nog steeds nie die saak tot jou tevredenheid opgelos het nie, sal jy 'n addisionele 6 maande hê om óf regsproses in te stel óf om die Ombudsman van Kort-termyn versekering te kontak. Indien die tydperk nie nagekom word nie sal alle voordele onder enige so 'n eis verbeur word.

Posbus 32334
Braamfontein 2017

Jurisdiksie

Jou polis is onderwerp aan Suid-Afrikaanse reg en die jurisdiksie van 'n Suid-Afrikaanse hof. Ons is nie aanspreeklik vir enige regskostes en uitgawes wat nie in die Republiek van Suid-Afrika aangegaan is nie.

Motor – omvattend

Hier kan jy eis vir enige ongelukskade aan jou kar, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis as jou kar die oorsaak was van skade aan iemand anders se eiendom.

Ons sal jou vergoed vir:

Die Motor

Jou kar is omvattend verseker. Dit beteken ons sal jou vergoed as die kar beskadig of gesteel word. In die geval dat die kar afgeskryf of gesteel word sal die meeste wat ons vir die kar sal betaal, die waarde wat op jou skedule verskyn, wees.

Indien jou kar gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal. Indien geen onderdele vir die kar beskikbaar is nie en dit die regmaak daarvan vertraag, sal ons jou nie vergoed vir die ongerief of geld wat jy mag verloor, of enige aanspreeklikheid wat jy as gevolg van die vertraging mag beleef nie.

Dit bly ons alleenlike besluit om óf 'n kar te herstel óf af te skryf. Wanneer 'n kar afgeskryf word en ons jou vir jou verlies vergoed, mag ons enige uitstaande boetes en nodige kostes, fooie en pre-kondisionele uitgawes vanaf die skikkingswaarde aftrek, sodat ons die regmatige eienaar van die kar kan word.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van 'n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste betaal om die kar te berg of na die naaste hersteller te sleep. Jy sal verantwoordelik wees vir die sleep- en bergingskoste van jou kar as jy nie die Virseker-Wegsleepdiens bel en/ of nie een van ons goedgekeurde wrakwadienste gebruik nie.

Repatriasie

Indien die motor buite die grense van Suid-Afrika deur enige gevaar wat deur die polis gedek is, beskadig word, sal die redelike koste om die motor te herwin en na die naaste Suid-Afrikaanse grens te neem, gedek wees. Die maksimum vergoeding vir repatriasie van 'n versekerde motor is die koste wat aangegaan is, maar sal nie meer as die maksimum bedrag van R7 500 wees nie.

Die motor se sleutels

Vervanging van die motor se sleutels, slotte en afstandbeheertoestelle, en herprogrammering van die motor se teendiefstalstelsel is gedek. Die dekking is onbeperk en jou basiese bybetaling op jou polis sal van toepassing wees.

Die klankstelsel

Die kar se klankstelsel is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Haelskade

Haelskade is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Die kappie

'n Bakkie se kap is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Motorhuur

Leenwiele is verseker, solank jou eis geldig is en jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal. Terwyl die kar reggemaak word en/of as dit gesteel is, verskaf ons 'n stel leenwiele deur een van ons voorkeurverskaffers, tot die maksimum dae soos op jou skedule gemeld.

Ander partye

1 Indien die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik was vir die ongeluk wat 'n ander party se eiendom beskadig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met:
   a. die kar op die polis;
   a. 'n kar, bromperd (bromponie en/of motorfiets), sleepwa of karavaan wat deur die kar op die polis gesleep is; of
   b. 'n kar wat nie op die polis is nie, maar wat die gereelde bestuurder persoonlik bestuur het, solank hy/sy dit nie besit en dit nie onderworpe is aan 'n huur- of finansieringsooreenkoms nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die kar wat hy/sy bestuur het nie.

2 Ons sal ook die ander party (dit sluit die mense in die versekerde kar uit) vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Dié moes veroorsaak gewees het deur enige een wat die kar op die polis met die gereelde bestuurder se toestemming bestuur of gebruik het, op voorwaarde dat die persoon onderworpe sal wees aan die bepalings en voorwaardes van die polis. Daardie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien hierdie versekerde kar, of enige ander kar, deur die gereelde bestuurder bestuur word, of as hierdie kar deur enige persoon bestuur word wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die kar te bestuur, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of

2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op 'n bestuurslisensie is of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of

dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor

As die kar, of karavaan of sleepwa wat deur die kar gesleep word, in ’n ongeluk is en onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls sleep verbied.

Ongemagtigde gebruik van motor

Indien iemand die kar gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur ’n kriminele klag teen die oortreder by die polisie ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Motorsleutels in of op die motor gelos

Verlies van of skade aan jou versekerde motor indien jy, of enige iemand wat jy toelaat om jou versekerde motor te bestuur, of enige iemand wat namens jou optree, die motor se sleutels en/of die aansittersleutels van jou motor in of op die motor los.

Verlating van die toneel na ’n ongeluk

Indien die motor in ’n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Motor gebruik om ’n inkomste te verdien

Indien die kar gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of vir bestuurslesse.

Motor vir motorsport gebruik

Indien die kar in enige soort resies, kompetisie, tydren of op ‘n renbaan gebruik word.

’n Motor wat gebruik word om vragte of aantal mense, wat die geregistreerde

kapasiteit daarvan oorskry, te vervoer

Indien die motor gebruik word om enige vragte of aantal mense, wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Motor in die motorbedryf gebruik

Indien die kar in die motorbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Motor in die buiteland gebruik

As die kar buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed as die kar buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of as iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Motor – derdeparty, brand en diefstal

Hier kan jy eis vir sekere gespesifiseerde skade aan jou kar, of as dit gesteel is. Jy mag ook vir skade wat jou motor aan iemand anders se eiendom berokken het, eis. Ongelukkig mag jy nie vir jou eie ongelukskade eis nie.

Ons sal jou vergoed vir:

Die motor

Die kar is verseker vir derdeparty, brand en diefstal. Dit beteken ons sal jou vergoed as die kar skade kry as ’n direkte gevolg van brand, ontploffing, weerlig, of as iemand dit probeer steel, of daarin slaag.

Die meeste wat ons vir die kar sal betaal, is die waarde wat op jou skedule verskyn. As die kar gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal. Indien geen onderdele vir die kar beskikbaar is nie en dit die regmaak daarvan vertraag, sal ons jou nie vergoed vir die ongerief of geld wat jy mag verloor of enige aanspreeklikheid wat jy as gevolg van die vertraging mag beleef nie.

Dit bly ons alleenlike besluit om óf ’n motor te herstel óf af te skryf. Wanneer ’n motor afgeskryf word en ons jou vir jou verlies vergoed, mag ons enige uitstaande boetes en nodige kostes, fooie en pre-kondisionele uitgawes vanaf die skikkingswaarde aftrek, sodat ons die regmatige eienaar van die motor kan word.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van ’n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste om die kar te berg of na die naaste hersteller te sleep, betaal, mits dit deur enigiets wat deur die polis verseker word, beskadig is. Jy sal self verantwoordelik wees vir die sleep- en bergingskoste van jou kar as jy nie die Virseker- Wegsleepdiens bel en/of een van ons wrakwadienste gebruik nie.

Die klankstelsel

Die kar se klankstelsel is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Die voorvenster

Die kar se voorvenster is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Die kappie

'n Bakkie se kappie is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Motorhuur

Leenwiele is verseker, solank jou eis geldig is en jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal. Terwyl die kar reggemaak word vir skade as gevolg van 'n diefstal-poging en/of dit gesteel is, verskaf ons 'n stel leenwiele deur een van ons voorkeurverskaffers, tot die maksimum dae soos op jou skedule gemeld, terwyl jou kar herstel word en/of indien die kar gesteel word.

Ander partye

1 I ndien die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik was vir die ongeluk wat 'n ander party se eiendom beskadig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met:
a die kar op die polis; b n kar, bromperd (bromponie en/of motorfiets), sleepwa of karavaan wat deur die kar op jou polis gesleep is; of c 'n kar wat nie op die polis is nie, maar wat die gereelde bestuurder persoonlik bestuur het, solank hy/sy dit nie besit en dit nie onderworpe is aan 'n huur- of finansieringsooreenkoms nie.
Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die kar wat hy/sy bestuur het nie.
2 O ns sal ook die ander party (dit sluit die mense in die versekerde kar uit) vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Dié moes veroorsaak gewees het deur enige een wat die kar op jou polis met die gereelde bestuurder se toestemming bestuur het, op voorwaarde dat die persoon onderworpe sal wees aan die bepalings en voorwaardes van jou polis. Daardie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien hierdie kar of enige ander kar deur die gereelde bestuurder bestuur word, of as hierdie kar deur enige persoon bestuur word wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die kar te bestuur, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of

2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of ’n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor

As die kar, of karavaan of sleepwa wat deur die kar gesleep word, in ’n ongeluk is en onpadwaardig is soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls sleep verbied.

Ongemagtigde gebruik van motor

Indien iemand die kar gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur ’n kriminele klag teen die oortreder by die polisie ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Motorsleutels in of op die motor gelos

Verlies van of skade aan jou versekerde motor indien jy, of enige iemand wat jy toelaat om jou versekerde motor te bestuur, of enige iemand wat namens jou optree, die motor se sleutels en/of die aansittersleutels van jou motor in of op die motor los.

Verlating van die toneel na ’n ongeluk

Indien die motor in ’n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Motor gebruik om ’n inkomste te verdien

Indien die kar gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of vir bestuurslesse.

Motor vir motorsport gebruik

Indien die kar in enige soort resies, kompetisie, tydren of op ‘n renbaan gebruik word.

’n Motor wat gebruik word om vragte of aantal mense, wat die geregistreerde

kapasiteit daarvan oorskry, te vervoer.

Indien die motor gebruik word om enige vragte of aantal mense, wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Motor in die motorbedryf gebruik

Indien die kar in die motorbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Motor in die buiteland gebruik

As die kar buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed as die kar buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n

ongeluk

Indien ’n lid van jou huishouding sterf of beseer word in ’n ongeluk, of as ’n persoon wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Motor – slegs derdeparty

Hier kan jy net eis vir die skade wat jou kar aan iemand anders se eiendom berokken het.

Ons sal jou vergoed vir:

Ander partye se eiendom

Die kar is net vir derdepartyskade verseker. Ons sal jou alleenlik vergoed vir die skade wat jy aan iemand anders se eiendom berokken het. Ons sal jou dus nie vergoed vir skade aan jou kar, of as dit gesteel word nie.

Die klankstelsel

Die kar se klankstelsel is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy ’n premie daarvoor betaal.

Ander partye

1 Indien die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik was vir ’n ongeluk wat ’n ander party se eiendom beskadig het, sal ons die party namens jou vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met:

   a die kar op die polis; b ’n kar, bromperd (bromponie en/of motorfiets), sleepwa of karavaan wat deur die kar op die polis gesleep is; of c ’n kar wat nie op die polis is nie, maar wat die gereelde bestuurder persoonlik bestuur het, solank hy/sy dit nie besit en dit nie onderworpe is aan ’n huur- of finansieringsooreenkoms nie.

   Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die kar wat hy/sy bestuur het nie.

2 Ons sal ook die ander party (dit sluit die mense in die versekerde kar uit) vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Dié moes veroorsaak gewees het deur enige een wat die kar op die polis met

die gereelde bestuurder se toestemming bestuur het, op voorwaarde dat die persoon onderworpe sal wees aan die bepalings en voorwaardes van die polis. Daardie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien hierdie kar of enige ander kar deur die gereelde bestuurder bestuur word, of as hierdie kar deur enige persoon bestuur word wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die kar te bestuur, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of

2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor

As die kar, of die karavaan of sleepwa wat deur die kar gesleep word, in 'n ongeluk is en onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls sleep verbied

Ongemagtigde gebruik van motor

Indien iemand die kar gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur'n kriminele klag teen die oortreder by die polisie ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Verlating van die toneel na 'n ongeluk

Indien die motor in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Motor gebruik om 'n inkomste te verdien

Indien die kar gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of vir bestuurslesse.

Motor vir motorsport gebruik

Indien die kar in enige soort resies, kompetisie, tydren of op 'n renbaan gebruik word.

'n Motor wat gebruik word om vragte of aantal mense, wat die geregistreerde

kapasiteit daarvan oorskry, te vervoer

Indien die motor gebruik word om enige vragte of aantal mense, wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Motor in die motorbedryf gebruik

Indien die kar in die motorbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Motor in die buiteland gebruik

As die kar buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed as die kar buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van 'n lid van jou huishouding of 'n werknemer weens 'n

ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishoudin

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Versekering onder die Padongelukfonds.

Motor – nie-omvattende – Virseker Kompak

Onder die afdeling afhangend van die Virseker Kompak opsie wat jy gekies het, kan jy eis vir sekere skade aan jou kar, of in die geval dat dit gesteel word. Jy mag ook eis as jou kar die oorsaak was van skade aan iemand anders se eiendom. ’n Basiese bybetaling is op alle tipe Virseker Kompak opsies van toepassing.

Die nie-omvattende versekering bestaan uit vasgestelde opsies en dekking kan nie aangepas word nie. Die enigste opkoop opsies wat beskikbaar is, is Sasria, Gatsakbonus, Kap versekering en Klanksisteem dekking.

As jou kar gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal. Indien geen onderdele vir die kar beskikbaar is nie en dit die regmaak daarvan vertraag, sal ons jou nie vergoed vir die ongerief of geld wat jy mag verloor, of enige aanspreeklikheid wat jy as gevolg van die vertraging mag beleef, nie.

Dit bly ons alleenlike besluit om ’n kar te herstel óf af te skryf. Wanneer ’n kar afgeskryf word en ons jou vir jou verlies vergoed, mag ons enige uitstaande boetes en nodige kostes, fooie en pre-kondisionele uitgawes vanaf die skikkingswaarde aftrek, sodat ons die regmatige eienaar van die kar kan word.

Virseker Kompak 1

Ons sal jou vergoed vir:

Die motor

Die kar is vir derde party en diefstal verseker. Die klankstelsel in jou kar en die kap van die kar is ook verseker, maar slegs as jy dit op jou polis gespesifiseer het. Ons sal jou vergoed as jou kar, as ’n direkte resultaat van ’n poging tot diefstal, of diefstal daarvan, beskadig word. Indien daar ’n uitbetaling aan jou gemaak moet word vir die voertuig, betaal ons net tot en met die bedrag wat op jou polis verskyn uit.

Uitsluitings

Die volgende dekking word nie in jou polis ingesluit nie:

- Ongelukskade, tensy dit met diefstal of poging tot diefstal verband hou.
- Ongelukbystand (Sleping en Berging).
- Haelskade.

- Motorhuur.
- Windskermdekking.

Virseker Kompak 2

Ons sal jou vergoed vir:

Die motor

Die kar is vir derde party, totale verlies, haelskade en Ongelukbystand verseker. Die klankstelsel in jou kar en die kap van die kar is ook verseker, maar slegs as jy dit op jou polis gespesifiseer het. Ons sal jou vergoed as jou kar, as 'n direkte resultaat van 'n poging tot diefstal, of diefstal daarvan, beskadig word. Ons sal jou ook vergoed as die kar as gevolg van 'n ongeluk of brand afgeskryf is of weens hael beskadig is. Indien daar 'n uitbetaling aan jou gemaak moet word vir die voertuig betaal ons net tot en met die bedrag wat op jou polis verskyn uit.

Ongelukbystand

Insleep vanaf die toneel van 'n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek deur jou polis. Jy sal persoonlik vir die insleep en bergingskoste van jou kar verantwoordelik wees as jy nie die insleepnommer skakel en/of nie van die goedgekeurde insleepdiensoperateur wat ons aangestel het, gebruik maak nie.

Uitsluitings

Die volgende dekking word vanaf u polis uitgesluit:

- Ongelukskade (behalwe vir die skade wat deur Totale Verlies gedek word).
- Motorhuur.
- Windskermdekking.

Virseker Kompak 3

Ons sal jou vergoed vir:

Die motor

Die motor is vir derde party, totale verlies, haelskade, beperkte ongeluksdekking en ongelukbystand verseker. Die klankstelsel in jou kar en die kap van die kar is ook verseker, maar slegs as jy dit op jou polis gespesifiseer het. Ons sal jou vergoed as jou kar, as 'n direkte resultaat van 'n poging tot diefstal, of diefstal daarvan, beskadig word. Ons sal jou ook vergoed as die kar as gevolg van 'n ongeluk of brand afgeskryf is of weens hael beskadig is. Jy sal ook beperkte ongeluksdekking vir jou eie kar hê, tot en met die bedrag wat op jou skedule verskyn. Indien daar 'n uitbetaling aan jou gemaak moet word vir die voertuig, betaal ons net tot en met die bedrag wat op jou polis verskyn uit.

Ongelukbystand

Ons sal die redelike koste om die kar te berg of na die naaste hersteller te sleep betaal. Jy sal persoonlik vir die insleep en bergingskoste van jou kar verantwoordelik wees as jy nie die insleepnommer skakel en/of nie van die goedgekeurde insleepdiens-operateur wat ons aangestel het, gebruik maak nie.

Uitsluitings

Die volgende versekering word vanaf jou polis uitgesluit:

- Volle Ongeluksdekking (behalwe vir die skade wat deur Beperkte Ongeluksdekking en Totale Verlies gedek word).
- Motorhuur.
- Windskermdekking.

Die volgende afdeling is op alle Virseker Kompak-dekkingsopsies van toepassing

Ons sal jou vergoed vir:

Derde party eise:

1) Indien die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik was vir 'n ongeluk wat 'n ander party se eiendom beskadig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met:
   a) die kar op jou polis; of
   b) 'n kar, bromperde (bromponie en/of motorfiets), sleepwa of karavaan wat deur die kar op jou polis gesleep is; of
   c) 'n kar wat nie op die polis is nie, maar wat die gereelde bestuurder persoonlik bestuur het, solank hy/sy dit nie besit en dit nie onderworpe is aan 'n huur- of finansieringsooreenkoms nie.
2) Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die kar wat hy/sy bestuur het nie.

   Ons sal ook die ander party (dit sluit die mense in die versekerde kar uit) vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Dié moes veroorsaak gewees het deur enige persoon wat die kar op die polis met die gereelde bestuurder se toestemming bestuur het, op voorwaarde dat die persoon onderworpe sal wees aan die bepalings en voorwaardes van die polis. Daardie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê of in sit nie.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal, word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie nie

Indien hierdie kar of enige ander kar wat deur die gereelde bestuurder bestuur word, of as hierdie kar deur enige persoon bestuur word wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die kar te bestuur, en die bestuurder:

1) onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of
2) nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op 'n bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

’n Onpadwaardige motor

As die kar, of die karavaan of sleepwa wat deur die kar gesleep word, in ’n ongeluk is en onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet op verkeersreëls sleep verbied sal jou polis nie uitbetaal nie.

Ongemagtigde gebruik van motor

Indien iemand die kar sonder jou medewete of toestemming gebruik en jy nie binne 48 uur ’n kriminele klag teen die oortreder by die polisie ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Motorsleutels in of op die motor gelos

Verlies van of skade aan jou versekerde motor indien jy, of enige iemand wat jy toelaat om jou versekerde motor te bestuur, of enige iemand wat namens jou optree, die motor se sleutels en/of die aansittersleutels van jou motor in of op die motor los nie.

Verlating van die toneel na ’n ongeluk

Indien die motor in ’n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat. Indien die motor in ’n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Motor gebruik om ’n inkomste te genereer of vir motorsport

Indien die kar gebruik word om betalende passasiers rond te ry, vir verhuring, bestuursinstruksie, resies, tydren of kompetisies.

’n Motor wat gebruik word om vragte of aantal mense, wat die geregistreerde kapasiteit daarvan oorskry, te vervoer

Indien die kar in enige soort resies, kompetisie, tydren of op ’n renbaan gebruik word.

Indien die motor gebruik word om enige vragte of aantal mense, wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Motor in die motorbedryf gebruik word

Indien die kar in die motorbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Motor in die buiteland gebruik

As die kar buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed as die kar buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of as iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Veldbakkie – omvattend

Hier kan jy eis vir enige skade aan jou veldbakkie, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jy aan iemand anders se eiendom berokken het.

Ons sal jou vergoed vir:

Die motor

Die veldbakkie is omvattend verseker. Ons sal jou vergoed as die veldbakkie beskadig of gesteel word. In die geval dat die veldbakkie afgeskryf of gesteel word sal die hoogste bedrag wat ons vir die veldbakkie sal betaal, die waarde wat op jou skedule verskyn, wees. Indien die veldbakkie gefinansier is moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Indien geen onderdele vir die veldbakkie beskikbaar is nie en dit die regmaak daarvan vertraag, sal ons jou nie vergoed vir die ongerief of geld wat jy mag verloor, of enige aanspreeklikheid wat jy as gevolg van die vertraging mag beleef nie.

Dit bly ons alleenlike besluit om óf ’n veldbakkie te herstel óf af te skryf. Wanneer ’n veldbakkie afgeskryf word en ons jou vir jou verlies vergoed, mag ons enige uitstaande boetes en nodige kostes, fooie en pre-kondisionele uitgawes vanaf die skikkingswaarde aftrek, sodat ons die regmatige eienaar van die veldbakkie kan word.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van ’n ongeluk en daaropvolgende stoor daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste om die veldbakkie te stoor of na die naaste hersteller te sleep betaal. Jy sal self verantwoordelik wees vir die sleep- en stoorkoste van jou veldbakkie indien jy nie die VirsekerWegsleepdiens bel en/of een van ons wrakwadienste gebruik nie.

Repatriasie

Indien die motor buite die grense van Suid-Afrika deur enige gevaar wat deur die polis gedek is, beskadig word, sal die redelike koste om die motor te herwin en na die naaste Suid-Afrikaanse grens te neem, gedek wees. Die maksimum vergoeding vir repatriasie van ‘n versekerde motor is die koste wat aangegaan is, maar sal nie meer as die maksimum bedrag van R7 500 wees nie.

Die motor se sleutels

Vervanging van die motor se sleutels, slotte en afstandbeheertoestelle, en herprogrammering van die motor se teendiefstalstelsel is gedek. Die dekking is onbeperk en jou basiese bybetaling op jou polis sal van toepassing wees.

Die klankstelsel

Die veldbakkie se klankstelsel is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Die kersie op die Koek

Die bykomstighede vir die veldbakkie, uitsluitend die klankstelsel, is tot 'n maksimum bedrag van **R10 000** verseker, behalwe as jou skedule toon dat jy vir meer versekering betaal. Jy het die opsie om hierdie dekking te verhoog teen 'n addisionele premie.

Die motor se spaarwiel

Die veldbakkie se spaarwiel is verseker – as dit gesteel word.

Haelskade

Haelskade is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Die kappie

'n Veldbakkie se kap is verseker, maar net as jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

Motorhuur

Leenwiele is verseker, solank jou eis geldig is en jou skedule toon dat jy 'n premie daarvoor betaal. Terwyl die veldbakkie reggemaak word en/of dit gesteel is, verskaf ons 'n stel leenwiele deur een van ons voorkeurverskaffers, tot die maksimum bedrag soos op jou skedule gemeld.

Ander partye

1 Indien die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik was vir 'n ongeluk wat iemand anders se eiendom beskadig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met:
   a die veldbakkie op die polis;
   b 'n veldbakkie, bromperd (bromponie en/of motorfiets), sleepwa of karavaan wat deur die veldbakkie op die polis gesleep is; of
   c 'n veldbakkie wat nie op die polis is nie, maar wat die gereelde bestuurder persoonlik bestuur het, solank hy/sy dit nie besit en dit nie onderworpe is aan 'n huur- of finansieringsooreenkoms nie.

   Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veldbakkie wat hy/sy bestuur het nie.

2 Ons sal ook die ander party (dit sluit die mense in die versekerde veldbakkie uit) vir skade, onkoste en uitgawes vergoed. Dié moes veroorsaak het deur enige een wat die veldbakkie op die polis met die gereelde bestuurder se toestemming bestuur of gebruik het, op voorwaarde dat die persoon onderworpe sal wees aan die bepalings en voorwaardes van die polis. Daardie persoon mag ook nie 'n eis teen 'n ander polis hê nie.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien hierdie veldbakkie of enige ander veldbakkie deur die gereelde bestuurder bestuur word, of hierdie veldbakkie deur enige persoon bestuur word wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die veldbakkie te bestuur, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of

2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronk bestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor

As die veldbakkie, of die karavaan of sleepwa wat deur die veldbakkie gesleep word, in 'n ongeluk is en onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls sleep verbied.

Ongemagtigde gebruik van motor

Indien iemand die veldbakkie gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur 'n kriminele klag teen die oortreder ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Motorsleutels in of op die motor gelos

Verlies van of skade aan jou versekerde motor indien jy, of enige iemand wat jy toelaat om jou versekerde motor te bestuur, of enige iemand wat namens jou optree, die motor se sleutels en/of die aansittersleutels van jou motor in of op die motor los.

Verlating van die toneel na 'n ongeluk

Indien die veldbakkie in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die veldbakkie bestuur het die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Motor gebruik om 'n inkomste te verdien

Indien die kar gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of vir bestuurslesse.

Motor vir motorsport gebruik

Indien die veldbakkie in enige soort resies, kompetisie, tydren of op 'n renbaan gebruik word.

'n Motor wat gebruik word om vragte of aantal mense, wat die geregistreerde

kapasiteit daarvan oorskry, te vervoer

Indien die veldbakkie gebruik word om enige vragte of aantal mense wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Motor in die motorbedryf gebruik

Indien die veldbakkie in die motorbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Motor in die buiteland gebruik

As die veldbakkie buite Suid-Afrika, Kenia, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed indien die veldbakkie buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Bromperd (bromponie en/of motorfiets)

Hier kan jy eis vir enige ongelukskade aan jou bromperd (bromponie en/of motorfiets), of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jou bromperd aan iemand anders se eiendom berokken het.

Gebruik van die motorfiets

Jy sal net versekering geniet as jy die bromperd (bromponie en/of motorfiets) uitsluitlik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes, en tussen jou woning en jou permanente werkplek gebruik.

Ons sal jou vergoed vir:

Die motorfiets

Die bromperd (bromponie en/of motorfiets) is omvattend verseker. Ons sal jou vergoed as dit beskadig of gesteel is.

Die meeste wat ons vir die bromperd (bromponie en/of motorfiets) sal betaal, is die redelike markwaarde daarvan of die waarde wat op jou skedule getoon word, wat ook al die minste is. Indien die bromperd (bromponie en/of motorfiets) gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Dit bly ons alleenlike besluit om óf ’n bromponie en/of motorfiets te herstel óf af te skryf. Wanneer ’n voertuig afgeskryf word en ons jou vir jou verlies vergoed, mag ons enige uitstaande boetes en nodige kostes, fooie en pre-kondisionele uitgawes vanaf die skikkingswaarde aftrek, sodat ons die regmatige eienaar van die voertuig kan word.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van ’n ongeluk en daaropvolgende stoor daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste om die bromperd (bromponie en/ of motorfiets) te stoor of na die naaste hersteller te neem betaal. Jy sal self verantwoordelik wees vir die sleep- en stoorkoste van jou bromperd (bromponie en/of motorfiets) as jy nie die Virseker-Wegsleepdiens bel en/of een van ons goedgekeurde wrakwadienste gebruik nie.

Die kersie op die koek

Gesteelde bykomstighede is verseker, mits jy die bromperd (bromponie en/of motorfiets) terselfdertyd kwyt is.

Ander partye

Ons sal iemand anders namens jou vir skade en onkoste vergoed as die gereelde bestuurder volgens die wet verantwoordelik gehou word vir 'n ongeluk met die bromperd (bromponie en/of motorfiets), wat iemand anders se eiendom beskadig het.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal, word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

Indien hierdie bromperd (bromponie en/of motorfiets) deur die gereelde bestuurder bestuur word, of deur enige persoon wat die algemene toestemming van die gereelde bestuurder het om die bromperd (bromponie en/of motorfiets) te bestuur, en die bestuurder:

1. onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of
2. nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige bromperd (bromponie en/of motorfiets)

As die bromperd (bromponie en/of motorfiets) in 'n ongeluk is en onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid.

Ongemagtigde gebruik van bromperd (bromponie en/of motorfiets)

Indien iemand die bromperd (bromponie en/of motorfiets) gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur 'n kriminele klag teen die oortreder by die polisie ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Bromperd (Bromponie en/of motorfiets) gebruik om 'n inkomste te verdien

Indien die bromperd (bromponie en/of motorfiets) gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of vir bestuurslesse.

Bromperd vir motorsport gebruik

Indien die bromperd (bromponie en/of motorfiets) in enige soort resies, kompetisie, tydren of op 'n renbaan gebruik word.

Verlating van die toneel na 'n ongeluk

Indien die motorfiets of bromponie in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motorfiets of bromponie bestuur het, die toneel van die ongeluk onwettig verlaat.

Bromperd (bromponie en/of motorfiets) in die motorfietsbedryf gebruik

Indien die bromperd (bromponie en/of motorfiets) in die motorfietsbedryf gebruik word, tensy dit gediens of reggemaak word.

Bromperd (bromponie en/of motorfiets) in die buiteland gebruik

Indien die bromperd (bromponie en/of motorfiets) buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed as die bromperd (bromponie en/of motorfiets) buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n

ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Dood of besering van enige persoon

Die dood of besering van enige persoon wat op die bromperd (bromponie en/of motorfiets) ry, of op die bromperd (bromponie en/of motorfiets) klim of daarvan afklim.

Karavaan

Hier kan jy eis vir enige ongelukskade aan jou karavaan, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jy aan iemand anders se eiendom berokken het.

Gebruik van die karavaan

Jy sal net versekering geniet indien jy die karavaan uitsluitlik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes gebruik. Dit wil sê, as jy ’n plesierige Afrikaner is.

Ons sal jou vergoed vir:

Die karavaan

Die karavaan is omvattend verseker. Dit beteken ons sal jou vergoed indien die karavaan beskadig of gesteel is.

Die meeste wat ons vir die karavaan sal betaal is die redelike markwaarde daarvan of die waarde wat op jou skedule aangetoon word, wat ook al die minste is. Indien die karavaan gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van ’n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste om die karavaan te berg of na die naaste hersteller te neem betaal. Jy sal self verantwoordelik wees vir die sleep- en bergingskoste van jou karavaan as jy nie die VirsekerWegsleepdiens bel en/of een van ons goedgekeurde wrakwadienste gebruik nie.

Ander partye

Indien die gereelde bestuurder volgens die wet aanspreeklik is vir ’n ongeluk veroorsaak deur óf in verband met die woonwa, wat skade aan ’n ander party se eiendom aangerig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkostes en uitgawes vergoed.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, ’n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

As die karavaan gesleep is deur ’n kar wat deur die gereelde bestuurder bestuur word, of deur enige persoon wat die toestemming van die gereelde bestuurder het om die voertuig te bestuur, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie ’n asemtoets slaag nie, of
2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of ’n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor of karavaan

As die karavaan of die kar wat dit sleep onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls die sleep van ’n karavaan verbied.

Karavaan in die buiteland gebruik

Indien die karavaan buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland of Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed indien die karavaan buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n

ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk, of items binne die karavaan, behalwe as jy dit onder karavaaninhoud verseker het.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Dood of besering van enige persoon

Indien hy/sy tydens die ongeluk in die karavaan was.

Karavaan – los inhoud

Hier kan jy eis vir verlies van of skade aan die los inhoud van die karavaan.

Ons sal jou vergoed vir:

1 Die los inhoud van die karavaan, jou persoonlike besittings en dié van jou gesinslede wat by jou woon. Dit moet binne die karavaan gehou word, en jou skedule moet aantoon dat jy ’n premie daarvoor betaal.

2 Verlies of skade as gevolg van brand, weerlig, ontploffing, kwaadwillige beskadiging, botsing met die karavaan, vallende bome (maar nie terwyl dit afgekap word nie), aardskudding, storm, vloed, inbraak of diefstal, maar slegs indien ons die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien.

Ons vergoed jou nie vir:

1 Aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbriewe, geld, tjeks, seëls, dokumente van enige aard, manuskripte, medaljes en munte, seldsame boeke, rygoed of fietse.
2 Goedere wat jy meer spesifiek elders, of met ons, verseker het.
3 Goedere en besittings wat jy uitsluitlik vir besigheid, professionele of handelsdoeleindes gebruik.

Gholfkarretjie – omvattend

Hier kan jy eis vir enige ongelukskade aan jou gholfkarretjie, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jy aan iemand anders se eiendom berokken.

Gebruik van die gholfkarretjie

Jy sal net dekking geniet indien jy die gholfkarretjie uitsluitlik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes gebruik. Dit wil sê, as jy 'n plesierige Afrikaner is.

Ons sal jou vergoed vir:

Die gholfkarretjie

Die gholfkarretjie is omvattend verseker. Dit beteken ons sal jou vergoed indien die gholfkarretjie beskadig of gesteel word.

Die meeste wat ons vir die gholfkarretjie sal betaal is die redelike markwaarde daarvan of die waarde wat op jou skedule aangetoon word, wat ook al die minste is. Indien die gholfkarretjie gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Insleep- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van 'n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste betaal om die gholfkarretjie te berg of om dit na die naaste hersteller te sleep. Jy sal persoonlik verantwoordelik vir die insleepkoste en berging van jou gholfkarretjie wees as jy nie die insleepnommer bel nie en/of nie die goedgekeurde insleepdiens wat ons aanwys gebruik nie.

Ander partye

Indien die gereelde bestuurder volgens die wet aanspreeklik is vir 'n ongeluk veroorsaak deur óf in verband met die gholfkarretjie, wat skade aan 'n ander party se eiendom aangerig het, sal ons die ander party namens jou vir skade, onkostes en uitgawes vergoed.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

As die gholfkarretjie op 'n openbare pad bestuur of gesleep is deur 'n kar wat deur die gereelde bestuurder bestuur word, of deur enige persoon wat die toestemming van die gereelde bestuurder het, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie ’n asemtoets slaag nie; of

2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of ’n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Ongemagtigde gebruik van die gholfkarretjie

Indien iemand die gholfkarretjie gebruik sonder jou medewete of toestemming en jy nie binne 48 uur ’n kriminele klag teen die oortreder ingedien het nie. Jy mag ook nie die klag terugtrek nie.

Gholfkarretjie in die buiteland gebruik

Ons sal jou nie vergoed of iemand anders namens jou vergoed as die gholfkarretjie buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van ’n lid van jou huishouding of ’n werknemer weens ’n

ongeluk

As ’n lid van jou huishouding sterf of beseer is in ’n ongeluk wat verband hou met, of veroorsaak is deur die gholfkarretjie, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om in of met die gholfkarretjie te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding, of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk, of items binne die gholfkarretjie.

Versekering onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Dood of besering van enige persoon

Indien hy/sy tydens die ongeluk in die gholfkarretjie was.

Sleepwa

Hier kan jy eis vir enige skade aan jou sleepwa, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jy aan iemand anders se eiendom berokken het.

Definisie van ’n sleepwa

’n Sleepwa word gedefinieer as ’n voertuig sonder enige middel van self-aandrywing, ontwerp om getrek te word deur ’n self- aangedrewe voertuig.

Gebruik van die sleepwa

Jy sal slegs versekering geniet indien jy die sleepwa uitsluitlik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes gebruik. Dit wil sê, as jy ’n plesierige Afrikaner is.

Ons sal jou vergoed vir:

Die sleepwa

Die sleepwa is omvattend verseker. Ons sal jou vergoed indien dit beskadig of gesteel word.

Die meeste wat ons vir die sleepwa sal betaal is die redelike markwaarde daarvan, of die waarde wat op jou skedule aangetoon word, wat ook al die minste is. Indien die sleepwa gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Vervoer- en stoorkoste

Insleep vanaf die toneel van 'n ongeluk en daaropvolgende berging daarvan is gedek. Ons sal die redelike koste om die sleepwa te berg of na die naaste hersteller te neem betaal. Jy sal persoonlik verantwoordelik vir die insleepkoste en berging van jou sleepwa wees as jy nie die insleepnommer skakel nie en/of nie die goedgekeurde insleepdiens wat ons aanwys, gebruik nie.

Ander partye

Indien die gereelde bestuurder volgens die wet aanspreeklik is vir 'n ongeluk veroorsaak deur óf in verband met die sleepwa, wat skade aan 'n ander party se eiendom aangerig het, sal ons die ander party namens jou vergoed vir skade, onkostes en uitgawes.

Die maksimum bedrae wat ons onder hierdie sub-afdeling sal betaal, word op jou skedule getoon. Hierdie perke geld per voorval.

Ons vergoed jou nie vir:

Geen lisensie, dronkbestuur, 'n geëndosseerde lisensie of ongeldige lisensie

As die sleepwa gesleep is deur 'n kar wat deur die gereelde bestuurder bestuur word, of deur enige persoon wat sy/haar toestemming het, en die bestuurder:

1 onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur, of terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry of indien hy/sy nie 'n asemtoets slaag nie; of
2 nie gelisensieerd is om te bestuur nie of 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is, hetsy dit op die bestuurslisensie of by die owerhede vertoon word vir nalatige, roekelose of dronkbestuur, of vir bestuur terwyl die persentasie alkohol in die bestuurder se bloed die wettige limiet oorskry.

Onpadwaardige motor of sleepwa

As die sleepwa of die kar wat dit sleep onpadwaardig is, soos bepaal in die wetgewing vir padwaardigheid, of indien die wet of verkeersreëls die sleep van sleepwaens verbied.

'n Sleepwa wat gebruik word om vragte, wat die geregistreerde kapasiteit

daarvan oorskry, te vervoer

Indien die versekerde sleepwa gebruik word om enige vrag, wat die geregistreerde kapasiteit oorskry, te vervoer.

Sleepwa in die buiteland gebruik

As die sleepwa buite Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe gebruik word. Ons sal niemand anders namens jou vergoed indien die sleepwa buite Suid-Afrika gebruik word nie.

Dood of besering van 'n lid van jou huishouding of 'n werknemer weens 'n

ongeluk

As 'n lid van jou huishouding sterf of beseer is in 'n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer word terwyl hy/sy besig is om te werk.

Eiendom in jou besit en dié van die lede van jou huishouding

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van die lede van jou huishouding of ander eiendom wat jy en die lede van jou huishouding by hulle het ten tye van die ongeluk, of as dit items binne die sleepwa is.

Dekking onder die Padongelukfonds

Vir enigiets wat onder die Padongelukfonds betaal sal word.

Dood of besering van enige persoon

Indien hy/sy in die sleepwa was tydens die ongeluk.

Watertuig

Hier mag jy eis vir enige skade aan jou watertuig, of as dit gesteel is. Jy mag ook eis vir skade wat jy aan ander partye en hul eiendom berokken het.

Hoe en waar jy die watertuig mag gebruik

1 Jy sal slegs versekering geniet as jy die watertuig vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes, en vir die doel waarvoor dit gemaak is, gebruik. Dit wil sê, as jy 'n plesierige Afrikaner is.
2 Die watertuig moet deur jou of iemand wat jou toestemming het gestuur en beheer word. Jy moet ook toesien dat jy die reëls en regulasies van die spesifieke waters waar die watertuig gebruik word, nakom.
3 Die watertuig moet aan wal of drywend wees op binnelandse of kuswaters, of per pad, see, lug of spoor vervoer word, deur:
    a binnelandse waters van suidelike Afrika, synde alle binnelandse, nie-getygebonde, vaarbare waterweë van Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Suid-Afrika, Swaziland, Zambië en Zimbabwe, insluitend mere, riviere en damme wat gebruik word vir sport en ontspanning; en
    b kuswaters van Suider-Afrika, synde die territoriale waters binne 'n afstand van 20 km van die kus, vanaf Walvisbaai, Namibië, op die Atlantiese Oseaan, om die kus van Suid-Afrika tot nie verder noord as die breedtegraad 23° suid nie, Mosambiek, op die Indiese Oseaan.
    c dekking buite Suid-Afrika is slegs beperk tot eie skade.

Ons sal jou vergoed vir:

Die watertuig, sy masjinerie en motor(s), standaardmonterings, uitrusting,

toerusting en gemonteerde bybehore

Die watertuig, sy masjinerie en motor(s), standaardmonterings, uitrusting, toerusting en gemonteerde bybehore is omvattend verseker. Ons sal jou vergoed indien dit beskadig of gesteel word.

Die meeste wat ons vir die watertuig sal betaal is die redelike markwaarde, of die waarde wat op jou skedule aangetoon word, wat ook al die minste is. Indien die watertuig gefinansier is, moet ons eers die finansieringsmaatskappy betaal.

Die redelike herwinningskoste

Die redelike herwinningskoste wat jy sou moes aangaan om verdere skade aan of verlies van die vaartuig te voorkom of te verminder, word gedek.

Opspoor van die watertuig

Die redelike koste om die watertuig op te spoor nadat dit gestrand het, met iets gebots het of gesink het (dus in warm water was) is verseker.

Terugvoering

Die redelike koste om die watertuig te stoor en af te lewer na die naaste grenspos van Suid-Afrika, is verseker as die watertuig buite Suid-Afrika beskadig was deur enigiets wat die polis verseker.

Ander partye

Ons sal die ander partye (dit sluit die mense in die versekerde watertuig, of 'n waterskiër uit) vir skade, koste en uitgawes vergoed indien die stuurman of -vrou van die watertuig volgens wet verantwoordelik is vir 'n ongeluk wat 'n ander party se eiendom beskadig het, of beswyking of besering veroorsaak het. Die ongeluk moes veroorsaak gewees het deur, of verband gehou het met, die watertuig op die polis.

Daar sal geen versekering wees as die watertuig per pad vervoer was tydens 'n ongeluk, of meer as 20 km vanaf Suid-Afrika se kus gebruik was nie.

Waterskiër-aanspreeklikheid

Waterskiër-aanspreeklikheid word verseker, maar slegs as jou skedule aantoon dat jy 'n premie daarvoor betaal.

1 Indien die stuurman of -vrou van die watertuig volgens wet verantwoordelik is, sal ons betaal vir die toevallige dood, liggaamlike beserings, verlies, of skade aan die waterskiër en/of sy/haar besittings, terwyl hy/sy deur die watertuig gesleep word of terwyl hy/sy voorberei om gesleep te word, of nog in die water ronddobber voor hy/sy in die watertuig terugklim.

2 As die waterskiër volgens wet verantwoordelik is, sal ons betaal vir die dood of liggaamlike beserings van ander en die verlies van of skade aan eiendom van ander, veroorsaak in 'n ongeluk deur die waterskiër terwyl hy/sy gesleep word of voorberei om gesleep te word, of nog in die water ronddobber voor hy/sy in die watertuig terugklim.

Ons vergoed jou nie vir:

Jou en jou passasiers se eiendom

As die eiendom in jou besit jou eie is, of die eiendom van jou passasiers, of ander eiendom wat jy en jou passasiers by julle op die watertuig het.

Die watertuig se sleepwa

Die sleepwa moet afsonderlik verseker word.

Dood of besering van 'n lid van jou huishouding of 'n werknemer weens 'n ongeluk

Indien 'n lid van jou huishouding sterf of beseer is in 'n ongeluk, of iemand wat vir jou werk sterf of beseer is terwyl hy/sy besig is om te werk.

Watertuig gebruik vir verhuring of bevragting of om 'n inkomste te verdien

Indien die watertuig gebruik word om betalende passasiers rond te rits, vir verhuring of navigasie-instruksie gebruik word, of terwyl dit vir bevragting gebruik word.

Konfiskering

Indien daar op die watertuig beslag gelê word of dit deur 'n wettige instansie gekonfiskeer word.

Foutiewe herstelwerk, latente defekte, lansering

Enige verlies of skade veroorsaak deur foutiewe herstelwerk of instandhouding, 'n latente defek in die watertuig se ontwerp, konstruksie of masjinerie.

Insekte of peste

Enige skade of verlies wat deur insekte of peste veroorsaak word.

Vervoer per pad

Indien die watertuig nie op ’n behoorlik geboude, ontwerpte en padwaardige sleepwa vervoer word nie.

Seeroof van watertuig of watertuig gebruik vir wedstryde

Enige verlies of skade deur seerowery veroorsaak of terwyl die watertuig vir enige soort wedstryde, spoed- of betroubaarheidstoets gebruik word. Indien die watertuig gebruik is in ’n georganiseerde seilwedstryd, sal die koste van vervanging en herstelwerk aan seile, maste, rondhout, staande en lopende takelwerk tot twee derdes van daardie koste beperk word.

Seile en beskermende oortreksels

Enige verlies van of skade aan seile en beskermende oortreksels as gevolg van die wind wat dit geskeur of weggewaai het, behalwe as die watertuig gestrand is, sink, brand, bots of wanneer die rondhout waaraan die seile vasgemaak is beskadig word.

Watertuig sonder toesig gelaat

Indien die watertuig en sy motor(s) sonder toesig gelaat word vir langer as twaalf ure aanmekaar, tensy die watertuig en sy motor(s) binne ’n marina of erkende vasmeerplek, binne die grense van die versekerde se huis, by enige skeepswerf of herstelplek, of by enige ander erkende stoorplek was.

Brandblusser(s) wat nie geïnstalleer is nie of nie werk nie

Vir enige verlies of skade veroorsaak deur brand aan enige watertuig toegerus met binneboordse masjinerie wat nie ’n brandblusser, wat behoorlik funksioneel is en in ’n goeie toestand is nie, het nie.

Stuurman of -vrou onder die invloed

Indien die stuurman of -vrou onder die invloed van drank of dwelms is, of terwyl die persentasie alkohol in die stuurman of -vrou se bloed die wettige limiet oorskry en/of indien hy/sy nie ’n asemtoets slaag nie.

Watertuig by ’n ongeregistreerde vasmeerplek vasgemeer

Vir enige verlies of skade aan enige watertuig terwyl dit permanent by ’n ongeregistreerde marina of vasmeerplek vasgemeer is.

Onderdompelde motors

Indien jy nie dadelik ’n onderdompelde motor uitspoel of weer aansluit, waar dit van toepassing en prakties is nie.

Motor(s) wat nie behoorlik vasgebout is nie

- Vir die verlies van of skade aan die watertuig se masjinerie en buiteboordmotor(s) terwyl dit nie behoorlik vasgebout was aan die watertuig nie.
- Diefstal of poging tot diefstal van:

Motors/enjins, masjinerie, toerusting, toebehore en bykomstighede, wat sonder sigbare tekens van geforseerde toegang, gebeur. Die buiteboordmotor as dit nie veilig aan die boot met boute of ’n ketting geheg is nie.

Geen diefweertoestel

As die watertuig se buiteboordmotor(s) gesteel word terwyl dit nie behoorlik aan die watertuig deur ’n diefweertoestel vasgesluit was nie.

Enige ander verlies of skade

Vir enige verlies of skade direk of indirek veroorsaak deur die onklaarraking, breekskade of roes, slytasie, agteruitgang of waardevermindering, tot niet gaan, verbleiking, meganiese of elektriese onklaarraking, insekte of knaagdiere en gevolglike verlies van enige oorsaak.

Wiel- en Bandbeskerming

Selfs die versigtigste bestuurder kan deur slaggate en ongelyke paaie onkant gevang word. Hierdie produk is met laasgenoemde in gedagte ontwerp en bied dekking vir toevallige skade aan jou wiele en bande.

Waarvoor jy mag eis

Jy kan eis vir die herstelkoste of vervangingskoste van die wiele/bande waarmee die versekerde voertuig op jou polis toegerus is. Betalings is onderhewig aan die dekkingsbeperkings, soos op jou skedule uiteengesit. As jou wiele/bande vervang moet word, sal hulle met wiele/bande, met 'n soortgelyke waarde (tot die maksimum limiet wat gekies is) en tipe soos dié waarmee jou kar tydens die verlies toegerus was, vervang word.

Jou verpligtinge

As jy nie die volgende nakom nie, mag ons jou versekering kanselleer.
Jou verpligtinge is om:

- Alle die korrekte en volledige inligting te verskaf.
- Alle billike voorsorg te tref om die kar in 'n goeie en padwaardige toestand te hou, asook om alle billike voorsorg te neem om verlies en skade te minimaliseer of te voorkom.
- Ons te vertel oor enige iets wat jy nog nie aan ons bekend gemaak het nie, maar wat vir ons relevant mag wees met betrekking tot die aanvaarding van die polis, of oor enige iets wat verander wat belangrik vir ons mag wees om aan te hou om jou polis te aanvaar.
- Nie verkeerde inligting, nie-openbaarmaking of wanvoorstelling van inligting te verskaf nie. Dit kan enige eise, voortspruitend uit jou versekeringskontrak ,beïnvloed deurdat ons kan besluit om nie die voordele ten opsigte van jou polis te verskaf nie, of om jou polis nie te aanvaar of nie te verwerp nie.
- Ons in kennis te stel indien enige van die polisbesonderhede of verklarings verkeerd is of indien enige van hierdie besonderhede of verklarings verander.

Hoe maak ek veranderinge

- Bel die Kliëntediensnommer by 0860 09 46 24.
- As jy 'n verandering will maak of genoeg van ons gehad het en die polis wil kanselleer, is dit geldig vanaf die datum waarop jy met ons ooreengekom het.
- Ons mag jou polis verander of kanselleer deur jou 31 dae skriftelike kennis te gee.

Betalings

Jou Wiel- en Bandbeskermingspolis is 'n maandelikse polis en moet vooruit betaal word op die aftrekdatum soos dit op jou skedule gemeld word. As ons in die maand wat op jou aktivering volg (en verder daarna) nie jou premie op die aftrekdatum ontvang nie, sal ons jou 'n 15-dae grasietydperk gee waartydens jy die premie kan betaal. Indien ons gedurende die grasie tydperk nie jou premie ontvang nie, sal jy nie vir die maand dekking hê nie.

Premieverpligtinge

- Jou premieverpligtinge word in jou skedule onder “Betalingsbesonderhede” uiteengesit. Hier sal jy besonderhede vind omtrent die betaalbare premie, die betaalwyse en die datum waarop betaling verskuldig is. Sodra jou eerste premie ontvang word, sal jou polis in werking tree.
- Neem asseblief kennis dat ons ooreengekom het om die premie deur 'n debietorder te verhaal. Jou debietorder sal op die datum waarop ooreengestem is verhaal word. Ons behou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum te verhaal in 'n poging om seker te maak dat jy steeds verseker is. As enige aftrekdatum waarop ons ooreengekom het oor 'n naweek of openbare vakansiedag val, mag jou debietorder vir 'n vroeër datum geskeduleer word. Indien ons nie jou premie op jou gewone betaaldatum ontvang nie, sal ons jou 15 dae grasie gee en dan weer 'n debietorder loods. Die polis sal gekanselleer word as jou premie vir drie opeenvolgende maande teruggestuur word.

Gestaakte betalings

Wanneer jou dekking onderbreek word omdat jy jou bank instruksie gegee het om jou debietorder te staak, sal die polis onmiddellik gekanselleer word.

Wat word nie gedek nie?

Ons sal jou nie vergoed nie vir:

- Die motor indien
  - Dit gebruik was/word vir wedrenne, spoed- of betroubaarheidstoetse, op roetes of vir veldaktiwiteite, gedurende die tyd wat die verlies gebeur het;
  - Dit deur 'n Omvattende Motorpolis gedek is en die wiel- en bandskade as gevolg van 'n karongeluk, kaping of diefstal was;
- Die koste om die wiele/bande te vervang of reg te maak, indien dit herwinbaar was van enige ander versekeringspolis. Ons sal jou net vir ons gedeelte vergoed;
- Die loopvlak van enige beskadigde band wat aan die kar vas is, indien dit onder die wettige beperking (1 mm) was toe die verlies gebeur het;
- Vervaardigingsfoute as gevolg van swak vakmanskap en/of vervaardigingsfoute in die stowwe wat gebruik is om die wiele/bande, waarmee die kar toegerus is, te maak;
- Fisiese skade aan die vormwerk van die versekerde kar, wat as gevolg van skade aan die bande/wiele is;
- Enige slytasie wat aan bande en/of wiele is;
- Herstelwerk wat sonder ons goedkeuring gedoen is;
- Die skade aan die bande/wiele wat as gevolg van 'n motorongeluk, of as gevolg van misbruik, nalatigheid of kwaadwillige skade is;
- Skade wat voor die aanvang van die polis opgedoen is (bestaande skade);
- 'n voorval wat tot 'n eis teen die polis kan lei en nie binne 30 dae aan ons gerapporteer was nie;
- eise wat die maksimum vergoedingsbedrag, soos op die skedule aangetoon, oorskry; en/of
- verlies of skade wat as gevolg van doelbewuste optrede is of as jou eis in enige opsig bedrieglik is.

Hoe eis ek?

- Bel die Eiselyn by 0860 09 46 24
- Geen papierwerk nie – alle eise word telefonies hanteer

Bybetaling

'n Bybetaling sal betaalbaar wees vir elke keer wat jy eis; hierdie bedrag word op jou skedule aangedui.

Wagperiode

'n 30 dae wagperiode sal van toepassing wees vanaf die begin datum van die dekking.

Boetebystand

Bandbeskerming

- Die Boetebystandsdiens is beperk tot verkeersboetes wat in die Republiek van Suid-Afrika uitgereik is.
- Die Boetebystandsdiens is beperk tot voertuie wat onder die Wiel- en bandbeskermingsproduk met die Boetebystandsvoordeel aangedui word.
- Jou lidmaatskap moet ten tye van die boeteuitrekening ten volle betaal wees.
- Jy sal vir die betaling van die eintlike boete(s) verantwoordelik wees
- Jy moes ten spyte van die boeteuitreiking aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), en ander relevante wetgewing, se vereistes en regulasies voldoen het.
- Die Boetebystandsdiens sluit nie onderhandeling vir stafpuntevermindering onder tie AARTO-stelsel nie.
- Dienste is onderhewig daaraan dat jy ons van die mees onlangste persoonlike en voertuig inligting moet voorsien, nl. Voertuig registrasienommer en Suid-Afrikaanse identifiseringsnommer.

Hoe om te eis

Bel die Eiselyn by 0860 09 46 24 van Maandag tot Vrydag, tussen 08:00 en 17:00.

Die Boetebystandsdiens sluit die opspoor en nagaan van boetes op die verkeersboete databasis teenoor uitstaande boetes in, deur jou ID-nommer te gebruik en deur 'n faktuur vir boetebebetaling(s) aan jou te verskaf. Sodra ie faktuur betaal is, sal Boetebystand bewys verskaf dat die boete betaal is en klaring verkry is. Boetebystand sal ondersteunende dokumente afhaal – 'n verslag van die insident, 'n afskrif van die boete, sowel as 'n afskrif van die bestuurderslisensie. Boetebystand sal dan die meriete voorlê om die afslag van die boete aan die relevante verkeersafdeling te regverdig en enige verhalings/ afslag sal aan die begunstigde terugverskaf word.

Wat word nie gedek nie?

Ons sal nie bystand vir die volgende boetes deur lede ontvang, bied nie:

- Vir dronkbestuur of bestuur onder die invloed van dwelms;
- Voordat lidmaatskap begin het (voorafbestaande boetes);
- Waar geen boetewaarde aangedui word nie omdat die oortreding reguit hof toe is; en
- Waar lasbriewe reeds uitgereik is.

Betwiste eise

Nadat ons jou laat weet wat ons ten opsigte van jou eis besluit het, het jy 90 dae om jou vertoë aan te teken. As jy dit nie in hierdie tyd doen nie, sal ons nie die betwiste eise heroorweeg nie.

Indien , na hersiening, ons besluit om jou nie vir jou eis of deel daarvan uit te betaal nie en jy besluit om ons besluit uit te daag, moet jy regstappe binne ses maande vanaf die vervaldatum van die 90-dae tydperk waarna hierbo verwys word, neem. Indien jy nie die tydbeperking in ag neem nie sal jy verhoed word om enige regstappe teen ons te neem.

Opknapper

Jy kan met hierdie polis vir die herstel van splinters, ligte skrapies en duikies aan die buitekant van die kar eis sonder om vanaf jou alomvattende korttermyn versekeringspolis te eis. Die meeste waarvoor ons jou vir elke eis sal vergoed word op jou skedule gestipuleer.

Die betekenis van woorde

Skraap
'n Dun lang merk wat vlak op die bolaag van die kar se buitenste verflaag is en nie meer as 23cm in lengte is nie.

Splinters
'n Enkel klein beskadigde area aan die bolaag van die kar se verf en nie meer as 3cm in deursnee is nie.

Duik
'n Klein hol induiking aan die buitekantste oppervlakte van die kar, sonder dat daar skade aan die verf is, en die induiking nie 15cm in deursnee oorskry nie.

Wagtydperk
Die tydperk waartydens geen dekking verskaf sal word nie, alhoewel maandelikse premies nog steeds betaalbaar is. Geen eis sal vir skade, wat voor of gedurende die wagtydperk plaasgevind het, oorweeg word nie.

Jy en Jou
Dit is die persoon in wie se naam die polis uitgereik is, sy/haar gade of lewensmaat, lede van sy/haar familie wat normaalweg by hom/haar woon, enige iemand wat namens hom/haar optree, sowel as enige iemand wat die versekerde kar met sy/haar algemene toestemming gebruik.

Ons
Dit is jou versekeringsmaatskappy.

Skedule
Die gedeelte van jou versekeringspolis wat al die besonderhede van jou versekerde kar stipuleer. Dit sluit die beskrywing van die kar in, die perk van die vergoeding en die premie wat op jou dekking van toepassing is. Dit sluit ook al die verklarings wat jy gemaak het in sodat ons die polis kan aanvaar.

Eis
Dit is jou kennisgewing aan ons om op 'n voordeel, wat onder hierdie polis gedek is, aan te dring. Ons sal bevestig of so 'n aanvraag binne ons ooreenkoms met jou val.

Basis van dekking

Wanneer jy 'n eis indien sal alle skade aan die kar geassesseer word om te bepaal of die totale bedrag wat geeis is binne die vergoedingsperk val. Indien die geeisde bedrag binne die vergoedingsperk val en die eis geldig is, sal ons die skade aan die kar deur 'n hersteller van ons keuse laat herstel. Daar is geen beperking tot die hoeveelheid eise wat jy mag indien nie alhoewel; alle skade wat gedurende 'n assessering genoteer is wat die maksimum vergoeding oorskry, sal vanaf toekomstige eise uitgesluit word, tensy jy bewyse kan lewer dat sulke skade daarna herstel was.

Jou verpligtinge

As jy nie enige van die volgende verpligtinge nakom nie mag jou dekking gekanselleer word of jy mag nie dekking geniet wanneer jy eis nie. Jou verpligting is om:

- ons inligting te gee wat waar en volledig is;
- aan al ons redelike versoeke te voldoen;
- alle redelike sorg te neem, en alle redelike voorsorg te tref om verlies te voorkom of te minimaliseer;
- die versekerde kar vir inspeksie te neem sodat die dekking kan begin;
- ons in te lig of enige van die polisbesonderhede of verklarings verkeerd is, of as enige van hierdie besonderhede of verklarings verander;
- ons van enige iets wat jy nog nie openbaar gemaak het nie vertel, wat vir ons belangrik mag wees om te weet om die polis te aanvaar, of oor enige iets wat verander wat vir ons belangrik mag wees om voort te gaan om die polis te aanvaar, byvoorbeeld kriminele skuldigbevinding aan bedrog.

Wagtydperk

Die volgende wagtydperk is op jou polis van toepassing:

- 90 dae vanaf die aanvang van jou polis, tensy ons jou kar geïnspekteer het, in welke geval daar afstand van die wagtydperk gedoen sal word. Enige skade wat gedurende die inspeksie genoteer is, sal vanaf enige toekomstige eise uitgesluit word, tensy jy ons van bewyse kan voorsien dat hierdie skade daarna herstel was.
- Indien ons nie ’n maandelikse premie ontvang nie sal die bogenoemde wagtydperk weer begin, tensy ons jou kar weer geinspekteer het.

Poliswysigings en kansellasies

Ons mag jou polis wysig of kanselleer deur jou ’n 31-dae skriftelike kennisgewing te gee. Ons mag verbaal, elektroniese of per pos aan jou laasbekende adres kennis gee. Enige verandering of kansellasie wat jy maak sal vanaf die tyd en datum, soos ooreengekom, effektief wees. Neem asseblief kennis dat, indien jy, jou polis gedurende die verloop van ’n versekerde maand kanselleer, sal die premie wat vir die res van daardie maand betaal is, nie aan jou terugbetaal word nie. Jy sal egter nog steeds tot die einde van die versekerde maand dekking geniet.

Betalings

Jou polis is ’n maandelikse polis en jy moet die maandelikse betaling vooruit betaal. Jou debietorder sal op die datum waarop ooreengekom is afgetrek word. Ons behou die reg voor om die premie op ’n alternatiewe datum af te trek, in ’n poging om seker te maak dat jy dekking het. Indien jou aftrekkingsdatum op ’n Sondag of openbare vakansiedag val, sal jou debietorder moontlik vir ’n vroeër datum aangebied word.

Betalings nie ontvang nie

Indien ons nie die maandelikse betaling vir ’n polis op die aftrekkingsdatum(s), soos op jou skedule aangedui, ontvang het nie, sal jy geen dekking vir die tydperk, waarvoor jy nie betaal het nie, hê nie. Ons sal ’n 15-dae grasietydperk vir betaling, vanaf die tweede maand se betalingsaanvraag toelaat, indien die betaling nie nagekom word nie, waarna ons weer betaling sal aanvra. Indien jou premie

nie op jou gekose aftrekkingsdatum ontvang word nie, mag 'n poging aangewend word om jou premie op 'n meer paslike aftrekkingsdatum te verhaal om jou gedek te hou. Indien die betaling nie vir drie opeenvolgende maande ontvang word nie, sal die polis gekanselleer word. Indien jy jou bank instruksie gegee het om jou debietorderbetaling te staak, sal die polis onmiddellik, terugdaterend tot die laaste dag van die maand waarvan ons die premie ontvang het, gekanselleer word.

Belangrike tydsbeperkings

Ons sal jou slegs vir 'n eis skadeloos stel indien jy:

- ons inlig en ons volle besonderhede van enige iets wat gebeur het gee, waarvoor jy moontlik mag eis, binne 30 dae van bewuswording van so 'n insident.
- jou kar binne 90 dae nadat ons jou eis goedgekeur het vir die herstelwerk neem; en
- ons binne 14 dae vanaf ons versoek van enige inligting, bewyse, dokumentasie en samewerking waarvoor ons vra, voorsien.

Waarborg

Alle herstelwerk het 'n 3-jaar waarborg vanaf die datum van herstel.

Hoe om te eis

Jy kan 'n eis indien deur 0860 09 46 24, Maandae tot Vrydae, tussen 08:00 en 17:00 te bel.

Ons sal jou vir die volgende vergoed:
Ons sal die volgende skade aan die buitenste panele van jou kar herstel:

- Skrape
- Splinters
- Duike

Ons sal jou nie vir die volgende vergoed nie:

Ander skade

Ons sal jou nie vir skade aan die volgende vergoed nie:

- Lyswerk
- Kantvensters en vormwerk
- Vensterglas
- Vensterpanele
- Motortoebehore wat nie-standaard is
- Vormwerk aan deure
- Sondakke
- Ligte van enige aard
- Wielvellings of mags
- Bande
- Dekals en plakkers

Natuurlike rampe

Enige skade wat deur hael, brande, vloede, storms of aardbewings veroorsaak word.

Herstelkoste wat meer as dubbeld die maksimum vergoeding is

Eise waar die eisbedrag meer as dubbeld die maksimum vergoeding, soos op die skedule aangedui, is.

Roes

Enige skade weens roes.

Teer

Die verwydering van teer.

Bakwerk panele

Enige skade aan bakwerk panele of deel van ’n paneel indien dit geskeur of beskadig is. Ons sal jou ook nie vir die vervanging van ’n paneel of deel van ’n paneel vergoed nie.

Derde party aanspreeklikheid

Enige aanspreeklikheid ten opsigte van ander partye.

Gevolglike verlies

Enige gevolglike verlies of skade.

Dekking onder ’n ander polis

Skade waarvoor daar onder jou kort-termyn polis geeis kan word.

Nie-goedgekeurde herstelwerk

Enige herstelwerk wat ons nie goedgekeur het nie.

Bedrog en oneerlikheid

Indien jy of enige iemand wat namens jou optree ’n eis en enige inligting of dokumentasie in verband met ’n eis; wat op enige manier bedrieglik, oneerlik of oordrewe is; inhandig sal ons die eis algeheel verwerp en jou polis, terugwerkend na die datum wat die insident aangemeld is, of die eintlike insidentdatum, watter een ookal die vroegste datum is, kanselleer. Ons behou die reg voor om verdere aksie te neem indien nodig.

Doelbewuste optrede

Enige eis, wanneer jy of enige iemand wat namens jou optree, doelbewus verlies of skade veroorsaak het.

Lisensiebystand

Lisensiebystand: Ons sal alle aspekte van jou voertuiglisensiehernuwing hanteer, insluitende hernuwingvorms en dokumentasie, sodat jy jou nie oor enigiets hoef te bekommer nie.

Waarvoor jy mag eis

- Die Lisensiebystandsdiens word tot voertuiglisensiehernuwings in die Republiek van Suid-Afrika beperk.
- Die Lisensiebystandsdiens is beperk tot die voertuig wat onder die Opknapperproduk met die Lisensiebystandsvoordeel geregistreer is.
- Jou lidmaatskap moet ten volle betaal wees ten tye van die voertuiglisensiehernuwing en ooreenstemmende afleweringsfooie.
- Jy moet ten tye van die voertuiglisensiehernuwing aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), en ander relevante wetgewing, se vereistes en regulasies voldoen. Die Lisensiebystandsdiens waarborg nie die lisensiedepartement se werkverrigtinge nie.
- Jy sal vir die lisensiehernuwingsfooi verantwoordelik gehou word.
- Dienste is onderhewig daaraan dat jy ons van die mees onlangste persoonlike en voertuig inligting moet voorsien, nl. voertuig registrasienommer en Suid-Afrikaanse identifiseringsnommer.

Waarvoor jy mag eis

Bel die Eiselyn by 0860 09 46 24 van Maandag tot Vrydag, tussen 8:00 en 17:00.

Wat word nie gedek nie?

Ons sal nie bystand vir die volgende bied nie:

- Hernuwing van onpadwaardige voertuie se lisensies.
- Hernuwing van lisensies vir voertuie wat nie op die lid se polis aangeteken is nie.
- Die eintlike koste wat met die hernuwing van die lisensie verband hou

Opknapper Binne tot Buite

Jy kan met hierdie polis vir die herstel van splinters, ligte skrapies en duikies aan die buitekant, sowel as skrape en skeure aan sekere delevan die binnekant van die voertuig eis, sonder om vanaf jou alomvattende kort-termyn versekeringspolis te eis. Die meeste waarvoor ons jy vir elke eis sal vergoed word op jou skedule gestipuleer.

Die betekenis van woorde

Jy en Jou
Dit is die persoon in wie se naam die polis uitgereik is, sy/haar gade of lewensmaat, lede van sy/haar familie wat normaalweg by hom/haar woon, enige iemand wat namens hom/haar optree, sowel as enige iemand wat die versekerde kar met sy/haar algemene toestemming gebruik.

Ons
Dit is jou versekeringsmaatskappy.

Binnekant van die kar
Dit is die ingeslote binne-ruimte van die kar wat vir passasiers ontwerp is om in te sit.

Skedule
Die gedeelte van jou versekeringspolis wat al die besonderhede van jou versekerde kar stipuleer. Dit sluit die beskrywing van die kar in, die perk van die vergoeding en die premie wat op jou dekking van toepassing is. Dit sluit ook al die verklarings wat jy gemaak het in sodat ons die polis kan aanvaar.

Wagtydperk
Die tydperk waartydens geen dekking verskaf sal word nie, alhoewel maandelikse premies nog steeds betaalbaar is. Geen eis sal vir skade, wat voor of gedurende die wagtydperk plaasgevind het, oorweeg word nie.

Eis
Dit is jou kennisgewing aan ons om op 'n voordeel, wat onder hierdie polis gedek is, aan te dring. Ons sal bevestig of so 'n aanvraag binne ons ooreenkoms met jou val.

Basis van dekking

Wanneer jy 'n eis indien sal alle skade aan die kar geassesseer word om te bepaal of die totale bedrag wat geeis is binne die vergoedingsperk val. Indien die geeisde bedrag binne die vergoedingsperk val en die eis geldig is, sal ons die skade aan die kar deur 'n hersteller van ons keuse laat herstel. Daar is geen beperking tot die hoeveelheid eise wat jy mag indien nie alhoewel; alle skade wat gedurende 'n assessering genoteer is wat die maksimum vergoeding oorskry, sal vanaf toekomstige eise uitgesluit word, tensy jy bewyse kan lewer dat sulke skade daarna herstel was.

Jou verpligtinge

As jy nie enige van die volgende verpligtinge nakom nie mag jou dekking gekanselleer word of jy mag nie dekking geniet wanneer jy eis nie.

Jou verpligting is om:

- ons inligting te gee wat waar en volledig is;
- aan al ons redelike versoeke te voldoen;
- alle redelike sorg te neem, en alle redelike voorsorg te tref om verlies te voorkom of te minimaliseer;
- die versekerde kar vir inspeksie te neem sodat die dekking kan begin;
- ons in te lig of enige van die polisbesonderhede of verklarings verkeerd is, of as enige van hierdie besonderhede of verklarings verander;
- ons van enige iets wat jy nog nie openbaar gemaak het nie vertel, wat vir ons belangrik mag wees om te weet om die polis te aanvaar, of oor enige iets wat verander wat vir ons belangrik mag wees om voort te gaan om die polis te aanvaar, byvoorbeeld kriminele skuldigbevinding aan bedrog.

Wagtydperk

Die volgende wagtydperk is op jou polis van toepassing:

- 90 dae vanaf die aanvang van jou polis, tensy ons jou kar geÏnspekteer het, in welke geval daar afstand van die wagtydperk gedoen sal word. Enige skade wat gedurende die inspeksie genoteer is, sal vanaf enige toekomstige eise uitgesluit word, tensy jy ons van bewyse kan voorsien dat hierdie skade daarna herstel was.
- Indien ons nie ’n maandelikse premie ontvang nie sal die bogenoemde wagtydperk weer begin, tensy ons jou kar weer geinspekteer het.

Poliswysigings en kansellasies

Ons mag jou polis wysig of kanselleer deur jou ’n 31-dae skriftelike kennisgewing te gee. Ons mag verbaal, elektroniese of per pos aan jou laasbekende adres kennis gee. Enige verandering of kansellasie wat jy maak sal vanaf die tyd en datum, soos ooreengekom, effektief wees. Neem asseblief kennis dat, indien jy, jou polis gedurende die verloop van ’n versekerde maand kanselleer, sal die premie wat vir die res van daardie maand betaal is, nie aan jou terugbetaal word nie. Jy sal egter nog steeds tot die einde van die versekerde maand dekking geniet.

Betalings

Jou polis is ’n maandelikse polis en jy moet die maandelikse betaling vooruit betaal. Jou debietorder sal op die datum waarop ooreengekom is afgetrek word. Ons behou die reg voor om die premie op ’n alternatiewe datum af te trek, in ’n poging om seker te maak dat jy dekking het. Indien jou aftrekkingsdatum op ’n Sondag of openbare vakansiedag val, sal jou debietorder moontlik vir ’n vroeër datum aangebied word.

Betalings nie ontvang nie

Indien ons nie die maandelikse betaling vir ’n polis op die aftrekkingsdatum(s), soos op jou skedule aangedui, ontvang het nie, sal jy geen dekking vir die tydperk, waarvoor jy nie betaal het nie, hê nie. Ons sal ’n 15-dae grasietydperk vir betaling, vanaf die tweede maand se betalingsaanvraag toelaat, indien die betaling nie nagekom word nie, waarna ons weer betaling sal aanvra. Indien jou premie nie op jou gekose aftrekkingsdatum ontvang word nie, mag ’n poging aangewend word om jou premie op ’n meer paslike aftrekkingsdatum te verhaal om jou gedek te hou. Indien die betaling nie vir drie opeenvolgende maande ontvang word nie, sal die polis gekanselleer word. Indien jy jou bank instruksie gegee het om jou debietorderbetaling te staak, sal die polis onmiddellik, terugdaterend tot die laaste dag van die maand waarvan ons die premie ontvang het, gekanselleer word.

Belangrike tydsbeperkings

Ons sal jou slegs vir ’n eis skadeloos stel indien jy:

- ons inlig en ons volle besonderhede van enige iets wat gebeur het gee, waarvoor jy moontlik mag eis, binne 30 dae van bewuswording van so ’n insident.
- jou kar binne 90 dae nadat ons jou eis goedgekeur het vir die herstelwerk neem; en
- ons binne 14 dae vanaf ons versoek van enige inligting, bewyse, dokumentasie en samewerking waarvoor ons vra, voorsien.

Waarborg

Alle herstelwerk het ’n 3-jaar waarborg vanaf die datum van herstel.

Hoe om te eis

Jy kan 'n eis indien deur 0860 09 46 24, Maandae tot Vrydae, tussen 08:00 en 17:00 te bel.

Ons sal jou vir die volgende vergoed:

Skade aan die buitekant van jou kar

Ons sal die volgende skade aan die buitenste panele van jou kar herstel:

1) Skrape: Ons sal skrape aan die bolaag van die kar se buitenste verflaag herstel. Die skrape moet korter as 23cm wees.
2) Splinters: Ons sal splinters aan die bolaag van die kar se buitenste verflaag herstel. Die splinter moet kleiner as 3cm in deursnee wees.
3) Duike: Ons sal duike aan die buitekantste oppervlakte van die kar herstel. 'n Duik moet kleiner as 15cm wees.

Skade aan die binnekant van jou kar

Ons sal skade aan die volgende dele van die kar herstel:

1) Middelkonsole: Ons sal skade, as gevolg van afdopping, krappe en skraapmerke aan die rubber van die konsole herstel. Merke moet korter as 75mm wees, en minder as 1mm diep.
2) Paneelbord: Ons sal skade as gevolg van krappe en skraapmerke herstel. Merke moet korter as 75mm wees, en minder as 1mm diep.
   Ons sal ook die paneelbord weer spuitverf indien dit verbleik is en merke korter as 60mm is. Alhoewel, indien die voorruit verwyder moet word, moet dit teen jou eie onkoste en risiko gedoen word.
3) Deurhandvatsels: Ons sal skade as gevolg van krappe en skraapmerke herstel, maar slegs as die deurhandvatsels plastiek is.
4) Deurpanele: Ons sal skade as gevolg van krappe en skraapmerke aan die plastiek herstel. Merke moet korter as 75mm wees en minder as 1mm diep.
5) Ratknop: Ons sal die rathefboomknop weer spuitverf indien dit verbleik is.
6) Rathefboom oortreksel: Ons sal die oortreksel herstel of vervang indien dit geskeur of geruk is. Skade moet korter as 50mm wees.
7) Handrem oortreksel: Ons sal die oortreksel herstel of vervang indien dit geskeur of geruk is. Skade moet korter as 50mm wees.
8) Pakkie rak: Ons sal die beskadigde rak herstel of weer oortrek, maar nie as die raam gebreek is nie.
9) Dakvoering: Ons sal die dakvoering herstel of onderhou, uitsluitend afslaankap karre, sondakke en boogvoerings per plan.
   Hierdie voordeel word tot 'n enkel onderhouding of restorasie gedurende die leeftyd van hierdie polis beperk.
10) Mat insetsels: Ons sal slegs die rubber voetmatjie aan die bestuurder se kant weer oortrek.
11) Sitplek panel: Ons sal skade herstel wat deur skeure of gate weens branding veroorsaak is. Skeure moet minder as 5mm wees, en gate as gevolg van branding, minder as 10mm in grootte.
12) Sitpleksteke: Ons sal die steke oordoen as dit los gaan. Die geaffekteerde area moenie 75mm oorskry nie.
13) Sy-paneel steke: Ons sal die steke oordoen as die steke los gaan, of die paneel vervang, maar nie as die skade as gevolg van foutiewe lugsakke is nie.
14) Stuurwiel: Ons sal leer stuurwiele weer spuitverf. Ons trek nie die stuurwiel weer oor nie.

Ons sal jou nie vir die volgende vergoed nie:

Ander skade

- Ons sal jou nie vir skade aan die volgende vergoed nie:
- Lyswerk

- Kantvensters en vormwerk
- Vensterglas
- Vensterpanele
- Motortoebehore wat nie-standaard is
- Vormwerk aan deure
- Sondakke
- Ligte van enige aard
- Wielvellings of mags
- Bande
- Dekals en plakkers
- Motor radios en ander klanktoerusting

Natuurlike rampe
Enige skade wat deur hael, brande, vloede, storms of aardbewings veroorsaak word.

Herstelkoste wat meer as dubbeld die maksimum vergoeding is
Eise waar die eisbedrag meer as dubbeld die maksimum vergoeding, soos op die skedule aangedui, is.

Roes
Enige skade weens roes.

Teer
Die verwydering van teer.

Bakwerk panele
Enige skade aan bakwerk panele of deel van ’n paneel indien dit geskeur of beskadig is. Ons sal jou ook nie vir die vervanging van ’n paneel of deel van ’n paneel vergoed nie.

Derde party aanspreeklikheid
Enige aanspreeklikheid ten opsigte van ander partye.

Gevolglike verlies
Enige gevolglike verlies of skade.

Dekking onder ’n ander polis
Skade waarvoor daar onder jou kort-termyn polis geeis kan word.

Nie-goedgekeurde herstelwerk
Enige herstelwerk wat ons nie goedgekeur het nie.

Bedrog en oneerlikheid
Indien jy of enige iemand wat namens jou optree ’n eis en enige inligting of dokumentasie in verband met ’n eis; wat op enige manier bedrieglik, oneerlik of oordrewe is; inhandig sal ons die eis algeheel verwerp en jou polis, terugwerkend na die datum wat die insident aangemeld is, of die eintlike insidentdatum, watter een ookal die vroegste datum is, kanselleer. Ons behou die reg voor om verdere aksie te neem indien nodig.

Doelbewuste optrede
Enige eis, wanneer jy of enige iemand wat namens jou optree, doelbewus verlies of skade veroorsaak het.

BeterKar

Bepalings en voorwaardes vir BeterKar:

- Jou kar mag nie ouer as 8 jaar wees nie.
- *Die opsie geld nie as jou kar weens diefstal, poging tot diefstal, kaping of poging tot kaping afgeskryf is. In die geval van 'n diefstalverwante eis, sal die BeterKar versekerde waarde na die standaard kleinhandelwaarde herset word.
- As die kar nie 'n nuwer model het nie, betaal ons 15% meer as die kleinhandelwaarde van die versekerde kar.

Huisinhoud – Omvattend

Onder hierdie afdeling mag jy eis vir items wat beskadig word in of gesteel word uit jou huis, indien jou skedule aandui dat jy die dekking gekies het en 'n premie hiervoor betaal. Hierdie afdeling sluit dekking vir enige verlies of skade in, wat deur inbraak, diefstal, brand, weerlig, ontploffing, kwaadwillige beskadiging, botsing met jou huis en buitegeboue, vallende bome (maar nie terwyl dit afgekap word nie), aardskuddings, storms, vloede of skade as gevolg van geisers, toerusting of pype wat bars of oorloop veroorsaak word.

Ons sal jou ook vergoed vir:

Waardevolle items

Indien jy vir beskadigde of gesteelde edelmetale en –stene, juwele en horlosies eis, mag ons waardasiesertifikate vir die gesteelde items benodig. Waardasiesertifikate moet vir alle juwele en/of horlosies wat vir hoër geëvalueer word, soos dit op jou skedule verskyn, verskaf word.

Individuele juweliersware items en/of horlosies moet in 'n veilig-geslote SABS-goedgekeurde muurkluis gestoor word wanneer dit nie gedra word nie en die waarde die minimum bedrag op jou polisskedule oorskry. Indien items vanaf 'n veilig-geslote muurkluis gesteel word sal ons u slegs vergoed as ons die skade wat aan die kluis veroorsaak is, kan sien.

Veiligheidswagte

Na 'n insident waar daar skade of verlies aan die geboue aangerig is en waarvan die sekuriteit maatreëls nie dadelik reggemaak kon word nie, sal sekuriteit na jou gebou gestuur word om dit te beskerm.

Die maksimum vergoeding vir die volgende items verskyn op jou skedule:

Kos wat sleg word

Kos wat sleg word as gevolg van 'n kragonderbreking of as jou ys- of vrieskas breek.

Gesteelde wasgoed, tuinmeubels en ontspanningstoerusting

Wasgoed of tuinmeubels wat gesteel word by jou huis terwyl dit buite is. Verlies van of skade aan tuin- en ontspanningstoerusting wat ontwerp is om buite te wees, naamlik braaitoerusting en -bybehore, swembadskoonmaaktoerusting en klouterrame.

Jou gaste se besittings

Jou gaste se besittings wat uit jou huis gesteel word.

Geld uit jou huis

Geld wat uit jou huis gesteel word, solank ons die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien of as daar geweldadige of geforseerde toegang was.

Persoonlike dokumente, munte en seëls

Verlies van persoonlike dokumente, munte en/of 'n seëlversameling.

Slotte en sleutels

Slotte en sleutels, indien dit verloor of beskadig word.

'n Gholfkolhou of 'n rolbalvoltal

'n Kolhou of voltal op 'n erkende gholf- of rolbalbaan. Om wat mee te maak? 'n Rondte te koop by die 19de putjie, natuurlik.

Jy en/of jou lewensmaat se dood

Jy en/of jou lewensmaat se dood, indien dit as gevolg van 'n brand of inbraak by jou huis is.

Jou huishoudelike werker se besittings

Jou huishoudelike werker se besittings indien dit gesteel is, maar slegs as ons die skade wat deur die inbraak aan die geboue aangerig is kan sien.

Mediese uitgawes

Mediese uitgawes as gevolg van 'n besering wat veroorsaak is deur 'n defek in jou geboue of deur jou troeteldier. Ons sal jou nie vergoed vir beserings van 'n lid van jou huishouding nie, maar wel vir jou huishoudelike werker se beserings.

Veeartskoste

Veeartskoste indien jou troeteldier in 'n padongeluk seerkry.

Huur om elders te bly

Die huur wat jy moet betaal om op 'n ander plek te bly as jy nie in jou huis kan woon nie omdat dit deur enigiets verseker deur die polis beskadig is. Dekking is beperk tot jou werklike verlies, maar sal nie 20% van die versekerde bedrag oorskry nie.

Besittings as dit in 'n treklorrie is

Jou besittings, as dit in 'n treklorrie is en in 'n ongeluk is. Ons sal jou ook vergoed vir skade veroorsaak deur brand, weerlig en ontploffing terwyl jou besittings vervoer word of in 'n geregistreerde meubelpakhuis gestoor word.

Breek van spieëls en glas

Spieëls en glas wat deel is van 'n stoof, oond of meubels, indien dit per ongeluk breek.

Breek van televisie

As dit per ongeluk breek, maar nie as dit elektronies of meganies onklaar raak nie.

Brandweerkoste

Brandweerkoste as daar 'n brand by jou huis is.

Aanspreeklikheid as ’n huisbewoner

Ons sal jou vergoed as jy volgens wet verantwoordelik is vir:

1 enigiemand anders as jy of jou gesin wat saam met jou woon, of iemand wat vir jou werk, wat in ’n ongeluk by jou adres sterf of seerkry;
2 die eiendom van enige persoon wat per ongeluk by jou huis beskadig word, maar dit is nie joune, ’n lid van jou gesin s’n of iemand wat vir jou werk s’n nie (let wel: iets wat nie aan jou en jou gesin behoort nie, maar wat jy vir iemand anders oppas, is nie verseker nie); en
3 die verhaalbare regskoste van die persoon wat teen jou eis.

Aanspreeklikheid as ’n huurder

Ons sal jou vergoed as jy volgens wet aanspreeklik gehou word vir:

1 skade aan die geboue wat jy huur by die versekerde adres en die eienaar se vaste toebehore, veroorsaak deur enigiets wat in hierdie polis verseker word;
2 badkamertoerusting of vaste glaspanele by die versekerde adres wat per ongeluk breek; en
3 water-, gas- of rioolpype of elektrisiteits- of telefoonverbindings van die geboue of buitegeboue by die versekerde adres wat per ongeluk breek.

Aanspreeklikheid teenoor huishoudelike werkers

As jy volgens wet aanspreeklik gehou word, sal ons betaal as jou huishoudelike werker beseer word of sterf as gevolg van ’n ongeluk wat by jou woning plaasgevind het terwyl hy/sy besig was om te werk.

Ons vergoed jou nie vir:

Verskeie dokumente, geld, ens

Aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbriewe, geld, tjeks, seëls, dokumente van enige aard, manuskripte, medaljes en munte, seldsame boeke, karre of die klankstelsels daarin, bykomstighede of onderdele, diere, watertuie, sleepwaens of karavane.

Goedere meer spesifiek verseker

Items wat jy meer spesifiek elders, of by ons, verseker het.

Brandskade aan ’n grasdakgebou

Brandskade as jou huis of buitegeboue ’n grasdak het, tensy jou skedule aantoon dat dit verseker is.

Skade aan nie-goedgekeurde geboue

Enige skade indien die plaaslike owerheid nie die konstruksie van die gebou goedgekeur het of sou goedkeur nie.

Goedere wat uitsluitlik vir handelsdoeleindes gebruik word

Goedere en besittings wat jy uitsluitlik vir besigheid, professionele of handelsdoeleindes gebruik.

Boorgat- en swembadtoerusting

Hierdie items kan afsonderlik onder ’n draagbare-besittingspolis verseker word.

Items wat uit jou motorhuis en buitegeboue gesteel word

Ons sal jou slegs vergoed as ons die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien.

Huis gebruik as ’n kommune

Enige verlies of skade indien meer as twee onverwante persone in jou huis woon en dit ’n kommune is.

Huis onbewoon

Inbraak of diefstal, slegs as jou huis of 'n deel van jou huis verhuur word en slegs as ons die skade kan sien wat deur die inbraak veroorsaak is. Daar is geen dekking as jou huis vir meer as 60 dae in 'n jaar onbewoon is nie, tensy jy ons verwittig het en jou skedule spesifiek aandui dat jy dekking het.

Vervoer en stoor buite Suid-Afrika

Enige skade of verlies indien jou besittings in 'n treklorrie vervoer word of buite die grense van Suid-Afrika gestoor word.

Oortreding van bouregulasies en vervaardigerspesifikasies

Enige skade wat veroorsaak is deur, of wat met kaggels, braai areas, gas installasies, kragopwekkers en ander verwarmingstelsels verband hou en die installasie daarvan nie aan die nasionale bouregulasies of vervaardigerspesifikasies voldoen nie.

Aanspreeklikheidseise

Vir dood, besering of skade veroorsaak deur, voortspruitend uit, of die resultaat van, jou:

1. eienaarskap, besit of gebruik van vliegtuie, karre of watertuie;
2. eienaarskap van grond of geboue;
3. nastrewing of beoefening van enige ambag, besigheid of professie;
4. diere, buiten 'n kat, hond of 'n perd wat vir plesierdoeleindes gery word;
5. gebruik van 'n wapen; of
6. opsetlike of kwaadwillige optrede.

Wat gebeur as jy onderverseker is

Die bedrag waarvoor jy jou besittings verseker moet die vervangingswaarde daarvan weerspieël. Die vervangingswaarde is wat dit jou ten tye van die eis sal kos om al jou besittings met soortgelyke nuwes te vervang. Indien jy eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor jy dit moes verseker bereken. Indien jy dit vir minder verseker het, sal ons slegs 'n gedeelte van jou eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	R10 000 x R50 000

	R100 000
EISUITBETALING	R5 000

Huisinhoud – slegs brand en storm

Onder hierdie afdeling mag jy eis vir items wat beskadig word in jou huis, indien jou skedule aandui dat jy die dekking gekies het en 'n premie hiervoor betaal. Hierdie afdeling sluit dekking vir brand, weerlig, ontploffing, botsing met jou huis en buitegeboue, vallende bome (maar nie terwyl dit afgekap word nie), aardskuddings, storms, vloede of skade as gevolg van geisers, toerusting of pype wat bars of oorloop.

Ons sal jou ook vergoed vir:

Waardevolle items

Indien jy vir beskadigde edelmetale en –stene, juwele en horlosies eis, mag ons waardasiesertifikate vir die gesteelde items benodig. Waardasiesertifikate moet vir alle juwele en/of horlosies wat vir hoër geëvalueer word, soos dit op jou skedule verskyn, verskaf word.

Individuele juweliersware items en/of horlosies moet in ’n veilig-geslote SABS-goedgekeurde muurkluis gestoor word wanneer dit nie gedra word nie en die waarde die minimum bedrag op jou polisskedule oorskry. Indien items vanaf ’n veilig-geslote muurkluis gesteel word sal ons u slegs vergoed as ons die skade wat aan die kluis veroorsaak is, kan sien.

Veiligheidswagte

Na ’n insident waar daar skade of verlies aan die geboue aangerig is en waarvan die sekuriteit maatreëls nie dadelik reggemaak kon word nie, sal sekuriteit na jou gebou gestuur word om dit te beskerm.

Die maksimum vergoeding vir die volgende items verskyn op jou skedule:

Kos wat sleg word

Kos wat sleg word as gevolg van ’n kragonderbreking of as jou ys- of vrieskas breek.

Gesteelde wasgoed, tuinmeubels en ontspanningstoerusting

Wasgoed of tuinmeubels wat gesteel word by jou huis terwyl dit buite is. Verlies van of skade aan tuin- en ontspanningstoerusting wat ontwerp is om buite te wees, naamlik braaitoerusting en -bybehore, swembadskoonmaaktoerusting en klouterrame.

Jou gaste se besittings

Jou gaste se besittings wat uit jou huis gesteel word.

Geld uit jou huis

Geld wat uit jou huis gesteel word, solank ons die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien of as daar geweldadige of geforseerde toegang was.

Persoonlike dokumente, munte en seëls

Verlies van persoonlike dokumente, munte en/of ’n seëlversameling.

Slotte en sleutels

Slotte en sleutels, indien dit verloor of beskadig word.

’n Gholfkolhou of ’n rolbalvoltal

’n Kolhou of voltal op ’n erkende gholf- of rolbalbaan. Om wat mee te maak? ’n Rondte te koop by die 19de putjie, natuurlik.

Jy en/of jou lewensmaat se dood

Jy en/of jou lewensmaat se dood, indien dit as gevolg van ’n brand of inbraak by jou huis is.

Jou huishoudelike werker se besittings

Jou huishoudelike werker se besittings indien dit gesteel is, maar slegs as ons die skade wat deur die inbraak aan die geboue aangerig is kan sien.

Mediese uitgawes

Mediese uitgawes as gevolg van ’n besering wat veroorsaak is deur ’n defek in jou geboue of deur jou troeteldier. Ons sal jou nie vergoed vir beserings van ’n lid van jou huishouding nie, maar wel vir jou huishoudelike werker se beserings.

Veeartskoste

Veeartskoste indien jou troeteldier in ’n padongeluk seerkry.

Huur om elders te bly

Die huur wat jy moet betaal om op 'n ander plek te bly as jy nie in jou huis kan woon nie omdat dit deur enigiets verseker deur die polis beskadig is. Dekking is beperk tot jou werklike verlies, maar sal nie 20% van die versekerde bedrag oorskry nie.

Besittings as dit in 'n treklorrie is

Jou besittings, as dit in 'n treklorrie is en in 'n ongeluk is. Ons sal jou ook vergoed vir skade veroorsaak deur brand, weerlig en ontploffing terwyl jou besittings vervoer word of in 'n geregistreerde meubelpakhuis gestoor word.

Breek van spieëls en glas

Spieëls en glas wat deel is van 'n stoof, oond of meubels, indien dit per ongeluk breek.

Breek van televisie

As dit per ongeluk breek, maar nie as dit elektronies of meganies onklaar raak nie.

Brandweerkoste

Brandweerkoste as daar 'n brand by jou huis is

Aanspreeklikheid as 'n huisbewoner

Ons sal jou vergoed as jy volgens wet verantwoordelik is vir:

1 enigiemand anders as jy of jou gesin wat saam met jou woon, of iemand wat vir jou werk, wat in 'n ongeluk by jou adres sterf of seerkry;
2 die eiendom van enige persoon wat per ongeluk by jou huis beskadig word, maar dit is nie joune, 'n lid van jou gesin s'n of iemand wat vir jou werk nie s'n nie (let wel: iets wat nie aan jou en jou gesin behoort nie, maar wat jy vir iemand anders oppas, is nie verseker nie); en
3 die verhaalbare regskoste van die persoon wat teen jou eis.

Aanspreeklikheid as 'n huurder

Ons sal jou vergoed as jy volgens wet aanspreeklik gehou word vir:

1 skade aan die geboue wat jy huur by die versekerde adres en die eienaar se vaste toebehore, veroorsaak deur enigiets wat in hierdie polis verseker word;
2 badkamertoerusting of vaste glaspanele by die versekerde adres wat per ongeluk breek; en
3 water-, gas- of rioolpype of elektrisiteits- of telefoonverbindings van die geboue of buitegeboue by die versekerde adres wat per ongeluk breek.

Aanspreeklikheid teenoor huishoudelike werkers

As jy volgens wet aanspreeklik gehou word, sal ons betaal as jou huishoudelike werker beseer word of sterf as gevolg van 'n ongeluk wat by jou woning plaasgevind het terwyl hy/sy besig was om te werk.

Ons vergoed jou nie vir:

Verskeie dokumente, geld, ens

Aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbriewe, geld, tjeks, seëls, dokumente van enige aard, manuskripte, medaljes en munte, seldsame boeke, karre of die klankstelsels daarin, bykomstighede of onderdele, diere, watertuie, sleepwaens of karavane.

Goedere meer spesifiek verseker

Items wat jy meer spesifiek elders, of by ons, verseker het.

Brandskade aan ’n grasdakgebou

Brandskade as jou huis of buitegeboue ’n grasdak het, tensy jou skedule aantoon dat dit verseker is.

Skade aan nie-goedgekeurde geboue

Enige skade indien die plaaslike owerheid nie die konstruksie van die gebou goedgekeur het of sou goedkeur nie.

Goedere wat uitsluitlik vir handelsdoeleindes gebruik word

Goedere en besittings wat jy uitsluitlik vir besigheid, professionele of handelsdoeleindes gebruik.

Boorgat- en swembadtoerusting

Hierdie items kan afsonderlik onder ’n draagbare-besittingspolis verseker word.

Items wat uit jou motorhuis en buitegeboue gesteel word

Ons sal jou slegs vergoed as ons die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien.

Huis gebruik as ’n kommune

Enige verlies of skade indien meer as twee onverwante persone in jou huis woon en dit ’n kommune is.

Huis onbewoon

Inbraak of diefstal, slegs as jou huis of ’n deel van jou huis verhuur word en slegs as ons die skade kan sien wat deur die inbraak veroorsaak is. Daar is geen dekking as jou huis vir meer as 60 dae in ’n jaar onbewoon is nie, tensy jy ons verwittig het en jou skedule spesifiek aandui dat jy dekking het.

Vervoer en stoor buite Suid-Afrika

Enige skade of verlies indien jou besittings in ’n treklorrie vervoer word of buite die grense van Suid-Afrika gestoor word.

Oortreding van bouregulasies en vervaardigerspesifikasies

Enige skade wat veroorsaak is deur, of wat met kaggels, braai areas, gas installasies, kragopwekkers en ander verwarmingstelsels verband hou en die installasie daarvan nie aan die nasionale bouregulasies of vervaardigerspesifikasies voldoen nie.

Aanspreeklikheidseise

Vir dood, besering of skade veroorsaak deur, voortspruitend uit, of die resultaat van, jou:

1. eienaarskap, besit of gebruik van vliegtuie, karre of watertuie;
2. eienaarskap van grond of geboue;
3. nastrewing of beoefening van enige ambag, besigheid of professie;
4. diere, buiten ’n kat, hond of ’n perd wat vir plesierdoeleindes gery word;
5. gebruik van ’n wapen; of
6. opsetlike of kwaadwillige optrede.

Wat gebeur as jy onderverseker is

Die bedrag waarvoor jy jou besittings verseker moet die vervangingswaarde daarvan weerspieël. Die vervangingswaarde is wat dit jou ten tye van die eis sal kos om al jou besittings met soortgelyke nuwes te vervang. Indien jy eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor jy dit moes verseker bereken. Indien jy dit vir minder verseker het, sal ons slegs ’n gedeelte van jou eis betaal, bv.:

EIS	R10 000
VERSEKER VIR	R50 000
VERVANGINGSWAARDE	R100 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	R10 000 x R50 000

	R100 000
EISUITBETALING	R5 000

Draagbare besittings

Hier mag jy eis vir items wat jy gewoonlik saam met jou dra wat wegraak, gesteel is of skade kry.

Ons sal jou vergoed vir:

1 Verlies van of skade aan jou juweliersware, klere en die persoonlike items wat jy en jou gesinslede wat by jou woon gewoonlik dra of saam met jou dra. As enige een item meer as die bedrag op jou skedule werd is, moet dit apart gespesifiseer wees voordat ons jou daarvoor vergoed.
2 Enigiets wat nie aan bogenoemde beskrywing voldoen nie, maar slegs as ons ingestem het om dit te verseker en dit spesifiek op jou skedule aangetoon word.
3 Fietse, voorskrifbrille, kontaklense, selfone, skootrekenaars en elektroniese tablette, maar slegs as dit op jou skedule gespesifiseer is.
4 Boorgat- en swembadtoerusting (insluitend die pomp), maar slegs as dit op jou skedule gespesifiseer word.
5 Indien jy vir beskadigde of gesteelde edelmetale en -stene, juwele en horlosies eis, mag ons waardasiesertifikate vir die gesteelde items benodig.
Waardasiesertifikate moet vir alle juwele en/of horlosies wat vir hoër ge-evalueer word, soos dit op jou skedule verskyn, verskaf word.
6 Individuele juweliersware items en/of horlosies moet in ’n veilig-geslote SABS-goedgekeurde muurkluis gestoor word wanneer dit nie gedra word nie en die waarde die minimum bedrag op jou polisskedule oorskry. Indien items vanaf ’n veilig-geslote muurkluis gesteel word sal ons u slegs vergoed as ons die skade wat aan die kluis veroorsaak is, kan sien.

Ons vergoed jou nie vir:

1 Verlies, skade of agteruitgang as gevolg van motte of insekte, skoonmaak, stryk, herstel of opknapping.
2 Verlies van of skade aan ’n horlosie as gevolg van ooropwenning, lekkende batterye of onderdompeling in water.
3 Verlies van of skade aan ‘n gespesifiseerde fiets wanneer dit nie gebruik word nie, tensy dit aan ‘n soliede, onbeweegbare voorwerp vasgesluit was en daar tekens van sigbare, geforseerde skade is.
4 Iets wat jy slegs vir besigheids-, handels- of professionele doeleindes gebruik.
5 ’ n Totaal wat meer as die bedrag op jou skedule is indien jou versekerde items uit die kajuit van jou kar gesteel word. Daar sal geen dekking wees as ons nie die skade wat deur die inbraak aangerig is, kan sien nie.
6 ’ n Totaal wat meer as die bedrag op jou skedule is indien jou versekerde items uit die kattebak van jou kar gesteel word. Daar sal geen dekking wees as ons nie die skade wat deur die inbraak aangerig is kan sien nie. Jou wasgoed wat gesteel word terwyl dit buite hang.
7 Meer as die bedrag wat op die skedule verskyn, indien items vanuit ’n watertuig, terwyl onbewaak, gesteel word. Daar sal geen dekking wees, indien ons nie die skade kan sien wat deur die inbraak veroorsaak is, nie.
8 Jou wasgoed wat gesteel word terwyl dit buite hang.

9 Geld, tjeks en ander verhandelbare instrumente.
10 Hommeltuie en ander afstandbeheer voertuie, indien die toestelle verlore of beskadig raak tydens gebruik. Aanspreeklikheid weens die gebruik van hierdie toestelle word ook uitgesluit.

Geboue

Hier mag jy vir skade aan die fisiese struktuur van jou huis en buitegebou(e) eis.

Wat jy betaal wanneer jy eis – die bybetaling(s)

Elke keer wanneer iets gebeur waarvoor jy eis, is jy verantwoordelik vir die basiese bybetaling. Jy moet ook enige van die bykomende bybetalings op jou skedule, bo en behalwe die basiese bybetaling, betaal.

Ons sal jou vergoed vir:

Verlies van of skade aan jou eie huis, motorhuis, buitegeboue, swembad (maar nie boorgat- en swembadtoerusting nie), mure, hekke, grensdrade, tennisbane en vir die bybehore en vaste toebehore by die adres op jou skedule.

Verlies of skade veroorsaak deur:
1 brand, weerlig, ontploffing en/of ’n aardskudding;
2 die bars of oorloop van waterpype of toerusting, maar nie as dit gekoppel is aan ’n warmwatertoestel of die warmwatertoestel self is nie;
3 storm of vloed, maar nie wanneer die skade aan jou steunmure is nie;
4 kragstuwings en -afnames;
5 botsing met jou huis en buitegeboue deur voertuie;
6 botsing met jou huis of buitegeboue deur vallende bome (maar nie terwyl hulle besig is om gevel te word nie);
7 diere, uitsluitend mak diere en troeteldiere;
8 kwaadwillige of doelbewuste skade, maar nie as jou huis vir meer as 60 dae per jaar leeg staan nie;
9 inbraak of diefstal, maar indien jou huis of ’n gedeelte daarvan verhuur word, sal enige verlies of skade veroorsaak deur die huurder(s) uitgesluit word. Daar is geen dekking as jou huis vir meer as 60 dae in ’n jaar onbewoon is nie, tensy jy ons verwittig het en jou skedule spesifiek aandui dat jy wel dekking het;
10 Ineensakking van grond:
As jou skedule meld dat jy ’n premie vir dié versekering betaal, sal ons jou vergoed vir verlies of skade aan jou huis, motorhuis en buitegeboue wat deur ineensakking, deining of grondverskuiwing van die grond waarop die geboue staan veroorsaak is. Dekking sal toegestaan word op voorwaarde dat die verlies of skade nie veroorsaak is deur of toegeskryf kan word aan enige van die volgende nie:
a uitgrawings (behalwe mynuitgrawings); b veranderinge, aanbouings of herstel van die woning; c die verdigting van vulstof; d foutiewe ontwerpmateriaal of vakmanskap; of e normale besinking, inkrimping of uitsetting van die woning of grond waarop die geboue staan.

As jy ‘n huisinhoudspolis by dieselfde versekerde adres het, sal jy ook vir huisinhouditems wat tydens dieselfde ineensakkings-, deinings- of grondverskuiwingsinsident as jou geboue verlore geraak het of beskadig is, vergoed word. Hierdie dekking sal slegs toegestaan word indien jou geboue-eis goedgekeur word; en

11 Warmwatertoestelle:
Warmwatertoestelle sluit geisers, sonpanele en ketels in.
a verlies of skade veroorsaak deur die bars of oorloop van warmwatertoestelle, toerusting of pype geheg aan die warmwatertoestelle, tot die maksimum bedrag soos op jou skedule aangetoon; en
b verlies of skade aan warmwatertoestelle, bytoestelle en pype, maar slegs indien jou skedule aantoon dat jy vir warmwatertoestelversekering betaal.

12 Veiligheidswagte
N a 'n insident waar daar skade of verlies aan die geboue aangerig is en waarvan die sekuriteit maatreëls nie dadelik reggemaak kon word nie, sal sekuriteit na jou gebou gestuur word om dit te beskerm.

Die maksimum vergoeding vir elk van die volgende items verskyn op jou skedule:

Verlies van huurinkomste

Die huurinkomste wat jy verloor het omdat jou huurder die versekerde gebou(e) moes verlaat as gevolg van skade wat veroorsaak is deur enige van die gebeure wat deur hierdie polis verseker word.

Huuronkoste om elders te bly

Die onkoste wat jy moes betaal om 'n ander plek te huur omdat jou gebou(e) beskadig is deur enige van die gebeure wat deur die polis verseker word en jy nie daarin kan bly nie. Dekking is beperk tot jou werklike verlies, maar sal nie 20% van die versekerde bedrag oorskry nie.

Professionele fooie

Jou koste vir professionele fooie en koste van openbare owerhede na skade veroorsaak deur enigiets wat deur die polis verseker word.

Glas- en badkamertoerusting

Jou vaste glas- en badkamertoerusting wat per ongeluk beskadig is.

Elektrisiteitsvoorsiening

Jou openbare elektrisiteitsvoorsiening of hoofkragverbindings wat per ongeluk beskadig word.

Antennas

Jou klankstelsel/televisieantennas of -maste en satellietskottels, indien dit per ongeluk breek of gesteel word.

Brandweerkoste

Brandweerkoste as daar 'n brand by jou huis is.

Slopingskoste

Die koste om jou huis te sloop en die bourommel te verwyder indien dit deur enigiets beskadig word wat deur hierdie polis verseker word.

Aanspreeklikheid as 'n huiseienaar

Indien jy volgens wet aanspreeklik gehou word, sal ons jou vergoed:

1 indien enige persoon behalwe jy of 'n lid van jou gesin wat saam met jou woon, of iemand wat vir jou werk by jou adres, in 'n ongeluk sterf of beseer word;
2 indien die eiendom van enige persoon per ongeluk by jou adres beskadig word, maar dit nie joune of 'n lid van jou gesin of iemand wat vir jou werks s'n is nie (let wel: iets wat nie aan jou en jou gesin behoort nie, maar wat jy vir iemand anders oppas, is nie verseker nie); en
3 vir die verhaalbare regskoste van die persoon wat teen jou eis.

Aanspreeklikheid teenoor huishoudelike werkers

As jy volgens wet aanspreeklik gehou word, sal ons jou betaal indien jou huishoudelike werker seerkry of sterf in 'n ongeluk by jou huis terwyl hy/ sy besig was om te werk.

Ons vergoed jou nie vir:

Brandskade aan 'n grasdakgebou

Brandskade as jou huis of buitegeboue 'n grasdak het, tensy jou skedule aantoon dat dit verseker is.

Skade aan nie-goedgekeurde geboue

Enige skade indien die betrokke plaaslike owerheid nie die konstruksie van die gebou goedgekeur het of sou goedkeur nie.

Foutiewe ontwerp of konstruksie

Enige foutiewe ontwerp of konstruksie van jou geboue op die versekerde perseel.

Wortels en onkruid

Enige verlies of skade aan ondergrondse pype, tennisbane, swembaddens of opritte wat deur wortels of onkruid veroorsaak is.

Boorgat- en swembadtoerusting

Hierdie items kan afsonderlik onder 'n polis vir draagbare besittings gedek word.

Oortreding van bouregulasies en vervaardigerspesifikasies

Enige skade wat veroorsaak is deur, of wat met kaggels, braai areas, gas installasies, kragopwekkers en ander verwarmingstelsels verband hou en die installasie daarvan nie aan die nasionale bouregulasies of vervaardigerspesifikasies voldoen nie.

Aanspreeklikheidseise

Eise vir dood, besering of skade wat veroorsaak is deur of gebeur het as gevolg van:

1 eienaarskap, besit of gebruik van hysers of karre;
of
2 bedryf van enige handel, besigheid of beroep.

Ineensakkings-, deinings- of

grondverskuiwingseise vir:

1 skade of verlies van soliede vloerblaaie of enige ander deel van die gebou as gevolg van die beweging van die vloerblaaie, tensy die fondasie wat die buitemure van die geboue ondersteun deur dieselfde oorsaak en op dieselfde tyd beskadig word;
2 skade of verlies aan swembaddens, tennisbane, stoepe, terrasse, rylane, paadjies, septiese en riooltenke, afvoerpype, waterweë, mure, hekke, pilare en heinings, tensy die privaatwoning of buitegeboue deur dieselfde oorsaak op dieselfde tyd beskadig word; of
3 die koste van noodsaaklike werk wat gedoen moet word om verdere verlies of skade weens ineensakking, deining of grondverskuiwing te vermy, tensy toepaslike ontwerpvoorsiening tydens die oorspronklike konstruksie van die woning en verdere byvoegings daartoe gemaak is.

Wat gebeur as jy onderverseker is

Gebouversekering

Jy moet jou huis vir sy vervangingswaarde verseker. Die vervangingswaarde is dít wat dit jou ten tye van die eis sal kos om jou huis, buitegeboue, mure, swembad, ens. met nuwe materiaal te herbou.

Jy moet verseker dat jy die waarde van jou dekking verhoog om die waardes in lyn met vervangingswaardes te hou.

As jy eis, sal ons die vervangingswaarde waarvoor jy die geboue moes verseker bereken. Indien jy dit vir minder as dit verseker het, sal ons slegs 'n gedeelte van jou eis betaal, bv.:

EIS	R20 000
VERSEKER VIR	R100 000
VERVANGINGSWAARDE	R200 000
BEREKENING VIR ONDERVERSEKERING	R20 000 x R100 000

	R200 000
EISUITBETALING	R10 000

Warmwatertoestelversekering

Jy moet vir ons sê hoeveel warmwatertoestelle jy in jou huis, buitegeboue en buitekamers met badkamergeriewe het en verseker.. Indien jy eis, sal ons die koste teenoor die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle bereken. Indien jy die warmwatertoestelle vir minder as die werklike hoeveelheid warmwatertoestelle verseker het, sal ons net 'n deel van jou eis uitbetaal, bv.

EIS VIR EEN WARMWATERTOESTEL	R10 000
HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE VERSEKER	1
WERKLIKE HOEVEELHEID WARMWATERTOESTELLE	2
BEREKENING VAN ONDERVERSEKERING	R10 000 x 1

	2
EISUITBETALING	R5 000

Neem asseblief kennis: Installasies moet aan die vervaardiger(s) se vereistes en alle toepaslike regulasies voldoen.

Regsbystand

Hierdie seksie van die polisdokument bevat die besonderhede wat jy oor jou Regsversekeringspolis moet weet. Dit is belangrik om kennis te neem van elke afdeling met die betrokke dekking, beperkings en wagtydperk, om te verseker dat jy die dekking wat onder elke afdeling verskaf word, ten volle verstaan.

Hierdie polisbewoording is generies en moet saam met jou polisskedule gelees word, aangesien nie alle dekking van toepassing mag wees op die plan of opsie wat jy gekies het nie. Kontak ons asseblief as jy enige vrae het oor jou dekking, en hersien gereeld jou dekking om seker te maak dat dit jou behoeftes pas.

Waaruit bestaan jou versekeringspolis?

Hierdie bepalings en voorwaardes, die polisskedule – tesame met enige korrespondensie (e-posse en briewe) wat aan jou gestuur word, asook enige mondelinge ooreenkomste wat gemaak is (soos opgeneemde telefoonoproepe) – sal deel vorm van jou versekeringspolis. Maak seker dat jy vertroud is met die inhoud van al die dokumente, en dat al die besonderhede wat op jou polisskedule aangeteken is, korrek is.

Wie is gedek?

Ons dek die polishouer, en in sommige gevalle sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders. Afhanklike kinders moet werkloos, ongetroud en onder die ouderdom van 25 wees.
Indien jy ná die inwerkingtreding van jou polis trou, sal die huweliksdatum as jou gade se aanvangsdatum aangeteken word. Hy/sy en sy/haar afhanklike kinders sal vanaf hierdie datum onderhewig wees aan die toepaslike wagtydperke.

Verwys asseblief na elke voordeelafdeling om te sien wie gedek word.

Opsomming van voordele wat onder elke plan voorsien word.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Telefoniese advies	Volledige dekking	Volledige dekking	Volledige dekking	Volledige dekking
Bemiddeling	Volledige dekking	Volledige dekking	Volledige dekking	Volledige dekking
Regskostes	Beperkte dekking	Beperkte dekking	Beperkte dekking	Volledige dekking
Kontrakbystand	Beperkte dekking	Beperkte dekking	Beperkte dekking	Volledige dekking
Belastingbystand	Geen dekking	Volledige dekking	Volledige dekking	Volledige dekking
Boedelbystand	Geen dekking	Geen dekking	Geen dekking	Volledige dekking
Borgtogbystand	Geen dekking	Geen dekking	Volledige dekking	Volledige dekking
Kuberversekering	Geen dekking	Geen dekking	Beperkte dekking	Volledige dekking

Verduideliking van versekeringsterme wat in jou polis gebruik word

In hierdie dokument is die volgende woorde en terme gebruik. Ons het 'n kort beskrywing gegee van wat hierdie terme beteken, sodat jy dit beter sal verstaan.

Administrateurs

Regsvoordele en eise word geadministreer deur LIPCO Group (Edms.) Bpk., 'n gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer FDV (7508).

Geverifieerde insamelings

Dit is 'n mandaat-tipe debietorder wat 'n gebruiker toelaat om die besonderhede van 'n kontrak met hul bank te bevestig voordat die debietorder verwerk word.

Kuberaanval

Enige kwaadwillige of ongemagtigde elektroniese aanval wat deur 'n derde party geïnisieer is, wat bedoel is om data te kopieer/ dupliseer, of die funksionaliteit van die versekerde se elektroniese toestel te beskadig, vernietig, korrupteer, oorlaai, omseil of benadeel.

Kuberafknouery

Indringing, skending of inmenging met die regte van privaatheid of publisering, insluitend misleidende uitbeelding, openbare bekendmaking van private feite, of indringing as gevolg van kuberteistering.

Kuberteistering

Die gebruik van elektroniese kommunikasie deur 'n persoon of groep persone om intimiderende of dreigende boodskappe oor 'n lang tydperk te stuur. Hierdie boodskappe kan jou of 'n lid van jou huishouding teiken, en veroorsaak of dreig om fisiese of geestelike skade aan te rig. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, kuberbekruiping/afknouery/groepsaanval, aanstootlike naamskending en doelbewuste verleentheid.

Platforms wat vir kuberteistering gebruik word, sluit in:

- aanlyn-speletjies/afsprake/sosiale netwerk-webwerwe of -toepassings;
- webwerf-kommentaarafdelings; of
- aanlyn-besprekingswebwerwe en kletskamers.

Kuberaanspreeklikheid

Finansiële aanspreeklikheid teenoor 'n derde party wat direk voortspruit uit 'n inbraak-aanval of virus. Die aanval kan afkomstig wees van of deur die versekerde se rekenaarstelsel, of rekening by 'n wolkrekenaarverskaffer, waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is.

Kuberdiefstal

Diefstal van jou finansiële en/of persoonlike inligting deur middel van 'n kuberaanval om fondse onregmatig van jou rekening na 'n derde party se rekening oor te dra, of om goedere en/of dienste te koop deur die gesteelde inligting te gebruik.

Data

Masjienleesbare inligting, insluitend maar nie beperk nie tot, getalle, karakters of oorspronklike afbeeldings.

Elektroniese toestel

Elektroniese toestelle soos tafelrekenaars, skootrekenaars, slimfone en tablette, asook die data wat daarop gestoor is.

Aanvangsdatum

Die datum waarop jou polis die eerste keer aktief word. Dit sal altyd op die eerste dag van 'n kalendermaand val en begin vanaf die eerste suksesvolle invordering van die debietorder.

Litigasie

Om regstappe te verdedig en/of in te stel as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis wat onder hierdie polis gedek word.

Bemiddeling

Derdeparty-onderhandelinge om sake of geskille wat onder hierdie beleid gedek word, op te los.

Maand

Vir hierdie kontrak beteken 'n maand een volle kalendermaand wat op die eerste dag van elke maand begin. Voorafbestaande saak 'n Regsaangeleentheid of dispuut wat voor die aanvangsdatum van die polis ontstaan het, waar jy daarvan bewus was of moes gewees het toe jy hierdie polis uitgeneem het. Daardie aangeleentheid kan ook verband hou met 'n gebeurtenis of beweerde gebeurtenis wat plaasgevind het voor hierdie polis se aanvangsdatum.

Enige aangeleentheid of dispuut wat tydens enige wagperiode ontstaan, sal ook as 'n voorafbestaande saak beskou word.

Moontlikheid van sukses

'n Goeie kans om 'n saak te wen gebaseer op vorige soortgelyke sake in Suid-Afrika, of 'n assessering van 'n regspraktisyn wat deur ons aangestel is. Onvermoë om voldoende te bewys dat u goeie meriete het om suksesvol te wees, sal beteken dat jou saak nie 'n moontlikheid van sukses het nie.

Skedule

Dit is die dokument wat die besonderhede van jou dekking, skadeloosstellingsperke en toepaslike wagtydperke, en die polishouer se besonderhede lys.

Jy, jou, jouself

Dit verwys na:

- Die hoofpolishouer (met ander woorde die persoon wat vir hierdie polis geteken het).
- Die hoofpolishouer se wettige gade.
- Die hoofpolishouer se wettige kinders wat onder hierdie polis gedek word.
- Die eksekuteur van die bestorwe boedel.

Virus

'n Digitale rekenaar-kode wat in staat is om homself te kopieer en tipies 'n nadelige effek het, soos om die stelsel te korrupteer, of om data te kopieer of te vernietig.

Wagtydperk

Die gestipuleerde tydperk wat in jou skedule vermeld word, vanaf jou aanvangsdatum, waartydens jy nie op enige polisvoordele geregtig is nie.

Ons, ons, ons s'n

Jy versekeraar (die maatskappy wat jou dekking verskaf), of enige administrateur of diensverskaffer wat deur die versekeraar en/of hul aangewese administrateurs aangestel is.

Algemene voorwaardes

Hoe vrywaar ons jou?

As jy 'n geldige eis het, sal ons jou of ons aangestelde administrateurs tot die maksimum bedrag vergoed, soos gespesifiseer in die skedule vir gebeure of dienste wat deur hierdie polis gedek word.

Beperking van vergoeding

Dit is die maksimum bedrag wat ons vir elke voordeel onder hierdie polis sal betaal, soos in jou polisskedule gestipuleer. 'n Algehele jaarlikse vergoedingsperk is ook van toepassing. Ons sal geen bedrag betaal wat hierdie skadevergoedingsperke oorskry nie.

Die jaarlikse perk van vergoeding word bereken uit die polisaanvangsdatum en die volgende verjaringsdatum van die polis. Enige saldo wat aan die einde van 'n polisjaar oorgebly het, sal verval.

Polisveranderinge en -kansellasies

Enige verandering of kansellasie kan gemaak word deur ons ten minste een kalendermaand voor jou volgende betaling in kennis te stel. Indien jy jou polis gedurende 'n versekerde maand kanselleer, sal die premie wat vir die res van daardie maand betaal is, nie aan jou terugbetaal word nie. Jy sal egter vir die res van daardie maand gedek wees.

Kansellasieversoeke kan skriftelik aan policyservices@virseker.co.za gestuur word of deur 0860 09 46 24 te skakel.

Ons kan jou polis verander of kanselleer deur jou een-en-dertig (31) dae kennis te gee, per e-pos of pos na die adres wat in jou polisskedule vermeld word.

Polishersiening

Jou polis sal elke jaar, in die maand waarin dit oorspronklik in aanvang geneem het, hersien word. Enige veranderinge wat voor die hersieningsdatum aan jou polis gemaak is, sal ook deel van daardie hersiening wees.

Betalings

Jou polis is 'n maandelikse polis en jy moet die premie vooruit betaal. Jou debietorder vir die premie sal afgetrek word op die ooreengekome datum soos in jou skedule vermeld.

Ons behou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum af te trek om te verseker dat jy gedek is. As jou aftrekkingsdatum op 'n Sondag of openbare vakansiedag val, kan jou premie op 'n vroeër datum afgetrek word.

Betaling nie ontvang nie

Indien ons nie die maandelikse premie op die aftrekkingsdatum soos in jou polisskedule vermeld is, ontvang nie, sal jy geen dekking hê vir die tydperk waarin jy nie betaal het nie.

Indien jou maandelikse debietorder vanaf die tweede maand na aanvang onsuksesvol is, sal ons 'n vyftien (15) dae grasietydperk vir betaling toelaat on jou gedek te hou vir ingeval jy 'n eis moet indien.

Wanneer jy dekking gestaak word omdat ons nie jou premie ontvang het nie, het ons die reg om jou rekening weer die volgende maand te debiteer om jou dekking weer in te stel. Jy moet 'n betaling maak vir jou dekking om weer te begin.

Indien betaling vir drie (3) agtereenvolgende maande nie ontvang word nie, sal jou polis onmiddellik gekanselleer word.

Betwiste betalings

Die polis sal onmiddellik gekanselleer word as jy besluit, of jou bank opdrag gee, om die debietorder te stop.

Premieterugbetalings

Geen terugbetaling van premies sal gemagtig word as die polis gekanselleer word weens onsuksesvolle eise nie.

As jy jou polis, of 'n gedeelte daarvan, kanselleer omdat jy ook dekking vir dieselfde gebeure by 'n ander versekeraar het, sal jou premieterugbetaling beperk word tot 50% van die premies wat ontvang word.

Geverifieerde invorderings

Ons behou die reg om enige mislukte of afgekeurde premies in te vorder deur 'n geverifieerde invordering, of deur dubbele debitering van die genomineerde bankrekening. Dit kan bykomende koste meebring waarvoor ons nie verantwoordelik is nie. Geverifieerde invorderings kan te enige tyd vanaf die datum van kennisgewing deur die invorderingsagent van die mislukte/geweierde debietorder geskied, en sal dus nie op die genomineerde debietorderdatum afgetrek word nie.

Afkoelperiode

Indien jy die polis gedurende die veertien (14) dae afkoeltydperk kanselleer, sal enige premies wat gedebiteer is na die genomineerde bankrekening terugbetaal word, aangesien geen voordele verskaf is nie.

Plan op- en afgraderings

As jy besluit om jy bestaande plan op te gradeer, sal enige wagtydperk van toepassing op die nuwe voordele geld.

'n Kalendermaand kennis moet gegee word vir die op- en afgradering van enige planne.

Deel van inligting

Om jou van ons dienste te voorsien, word van ons verwag om jou persoonlike inligting te verwerk. Ons sal dit doen in ooreenstemming met ons besigheidsvereistes en wetlike verpligtinge. Jy bevestig dat jou persoonlike inligting geverifieer en/of verwerk kan word deur die TIH Groep van Maatskappye, teen enige ander redelike en wettige bronne of databasisse, vir versekerings-, finansiële dienste- en risikobestuursdoeleindes. Dit word gedoen om die akkuraatheid en volledigheid van enige persoonlike inligting wat op 'n deurlopende basis verskaf word, te verseker.

Ons sal jou persoonlike inligting vir die volgende doeleindes verwerk:

- Kwotasie, onderskrywing, prysbepaling, diens en uitvoering van versekering en ander finansiële dienste.
- Assessering van finansiële en versekeringsrisiko's.
- Evaluering en verwerking van eise en klagtes.
- Die ontwikkeling en verbetering van produkte en dienste.
- Kredietverwysing en/of verifikasie van persoonlike inligting.
- Bedrogvoorkoming en -opsporing.
- Marknavorsing en statistiese analise.
- Ouditering en rekordhouding.
- Voldoening aan wetlike en regulatoriese vereistes.
- Deel van inligting met diensverskaffers en ander derde partye met wie ons in gesprek tree, of wat dienste aan ons lewer, om sulke inligting namens ons te verwerk.
- Deel van versekerings- en eise-inligting met ander versekeraars en bedryfsliggame vir wettige redes, soos bedrogvoorkoming en eise-validering.
- Indien nodig, kan ons jou persoonlike inligting buite die grense van Suid-Afrika oordra om enige van die dienste te verskaf.

Jy kan toegang verkry tot jou persoonlike inligting wat ons hou, en kan beswaar maak teen die verwerking van jou persoonlike inligting, ons versoek om enige foute reg te stel, of hierdie inligting te vernietig indien daar geen wettige rede vir ons is om dit te behou nie. Sien asseblief ons Privaatheidsbeleid en Handleiding vir Toegang tot Inligting op ons webwerf vir verdere inligting.

Jy het die reg om 'n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien as jy voel dat ons persoonlike inligting onwettig verwerk. Die Inligtingsreguleerder se besonderhede kan gevind word deur https://www.justice.gov.za/inforeg/ te besoek.

Jou verpligtinge

As jy enige van die verpligtinge hieronder gelys nie nakom nie, kan jou dekking gekanselleer word, of jy mag dalk nie dekking hê wanneer jy eis nie. Jy moet:

1) Korrekte en volledige inligting aan ons verskaf. Enige vals inligting kan lei tot die kansellasie van jou polis, en jy sal aanspreeklik wees vir enige regskoste wat aangegaan word.
2) Ons in kennis stel indien enige van die polisbesonderhede of verklarings verkeerd is, of as enige van hierdie besonderhede of verklarings verander.
3) Voldoen aan al ons redelike versoeke. Dit is jou verantwoordelikheid om te betaal vir, en ons te voorsien van, al die nodige dokumente, verslae, state en ander bewyse wat ons benodig.
4) Eers skriftelike goedkeuring van ons verkry as jy 'n regsverteenwoordiger wil gebruik wat nie op ons paneel is nie. Indien nie, sal jy al die regskoste moet betaal, en ons sal nie aanspreeklik wees om jou terug te betaal nie. Neem ook kennis dat indien jy van jou eie regsverteenwoordiger gebruik wil maak, jou eis beperk sal word tot die regskoste wat ons

sou goedgekeur het as een van ons paneel van prokureurs, jou verteenwoordig het. Dat ons met ander woorde, slegs regskoste betaal volgens die ooreengekome fooistruktuur wat ons in plek het met ons paneel van prokureurs, wat beteken dat enige balans vir jou eie rekening sal wees as jou eie regsverteenwoordiger meer hef.

5) Alle hofverskynings bywoon. As jy, sonder 'n geldige rede, nie in die hof verskyn nie, en ons verloor enige borggeld wat betaal is, sal jy die bedrag aan ons moet terug betaal.
6) Alle redelike sorg gebruik en die nodige voorsorgmaatreëls tref om verlies, skade of aanspreeklikheid te voorkom of tot die minimum te beperk.
7) Nie enige verantwoordelikheid erken of enige skikkingsaanbod maak sonder ons skriftelike ooreenkoms nie.
8) Ons van enigiets te laat weet wat jy nie bekend gemaak het nie en wat vir ons belangrik mag wees om te weet om die polis te aanvaar, of van enigiets wat verander en wat vir ons belangrik kan wees om voort te gaan om die polis te aanvaar, soos byvoorbeeld skuldigbevindings of oortredings wat verband hou met oneerlikheid of bedrog.

Belangrike tydbeperkings

Ons sal jou net vir 'n eis vergoed as jy:

1) Ons in kennis stel van 'n regsaangeleentheid, of enigiets wat tot 'n eis ingevolge hierdie polis mag lei, binne een-en-dertig (31) dae nadat jy bewus geword het van so 'n aangeleentheid of dispuut.
2) Ons voorsien van enige inligting, bewyse, dokumentasie en samewerking waarvoor ons vra, binne veertien (14) dae vanaf ons versoek.

Dubbele versekering

As enige aangeleentheid of dispuut ontstaan wat onder hierdie polis gedek word, ook deur 'n ander versekeringsproduk of versekeraar verseker is, sal ons jou net vir ons gedeelte van die koste of verlies vergoed.

Hoe om te eis

As jy 'n eis wil indien, skakel 0860 09 46 24 Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 17:00.

Jurisdiksie

Hierdie polis is onderhewig aan die wette en statute wat in die Republiek van Suid-Afrika van toepassing is. Ons sal slegs gehoor gee aan uitsprake wat eerste gelewer is deur, of verkry is van, 'n hof met bevoegde jurisdiksie in die Republiek van Suid-Afrika. Ons is nie aanspreeklik vir enige regskoste en uitgawes wat buite die Republiek van Suid-Afrika aangegaan word nie.

Klagteproses

Jy kan ons Interne Klagte-hantering departement op die volgende maniere kontak om jou dispuut oor 'n eis, of enige algemene klagte, in te dien:

E-pos: **dispuutrelsolusie@virseker.co.za**
Telefoonnommer: **0860 10 90 59**

In ooreenstemming met die Polishouerbeskermingsreëls sal jy, as 'n eerste stap, negentig (90) dae hê om die uitslag van jou eis te betwis deur ons Interne Klagte-hantering departement te kontak. Onmiddellik na hierdie tydperk van negentig (90) dae, het jy 'n verdere ses (6) maande om dagvaarding aan ons te beteken. As jy dit nie binne hierdie tydperk doen nie, sal jou reg om die besluit te betwis, verbeur word.

Ons waarborg dat jou dispuut op 'n doeltreffende wyse hanteer sal word, en deur middel van 'n onpartydige hersieningsproses hersien sal word. Ons moedig jou aan om eers van ons Interne Klagte-hantering departement gebruik te maak in 'n poging om jou dispuut spoedig op te los.

Sodra ons Interne Klagte-hantering departement jou geskil hanteer het, en sou die uitkoms van die dispuut nie in jou guns wees nie, kan jy binne 'n verdere tydperk van ses (6) maande die Kort-termynversekerings Ombudsman kontak (www.osti.co.za). Vir enige voldoening-/nie-voldoeningsaangeleenthede wat verband hou met WFAT (Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste) of die finansiële dienste gelewer, kan u die WFAT Ombudsman (www.faisombud.co.za) kontak.

Algemene uitsluitings

Uitgawes nie goedgekeur nie

Enige regsuitgawes aangegaan voordat jou eis goedgekeur is, of uitgawes aangegaan deur regspraktisyns wat nie deur ons aangestel is nie.

Enige uitgawes wat ons goedgekeurde tariewe oorskry waar jy, nadat jou litigasie-eis goedgekeur is, besluit het om van jou eie regspraktisyn gebruik te maak.

Koste en uitgawes aangegaan nadat jy of die eiser 'n aanbod deur ons aanvaar het om die eis ten volle te skik.

Onluste, oorloë, politieke dade, openbare wanorde, terrorisme of enige poging daartoe

Sake wat voortspruit uit, of 'n gevolg is van, jou deelname aan:

- Burgerlike onrus, arbeidsversteurings, oproer, staking, uitsluiting of openbare wanorde, of enige daad of aktiwiteit wat bereken is, of daarop gerig is, om enige van die bogenoemde te veroorsaak.
- Oorlog, inval, optrede van buitelandse vyand, vyandighede of oorlog-agtige optrede (hetsy oorlog verklaar word of nie), of burgeroorlog.
- Muitery, militêre opstand of misbruikte mag, krygswet of staat van beleg, of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of staat van beleg, opstand, rebellie of revolusie bepaal.
- Enige poging of daad (hetsy namens 'n organisasie, liggaam, persoon of groep persone) wat bereken is, of daarop gerig is, om enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met geweld of deur middel van vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed.
- Enige poging of daad wat bereken is, of daarop gerig is, om verlies of skade teweeg te bring om enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring, of in protes teen enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamgesag, of met die doel om vrees onder die publiek, of enige deel daarvan, te wek.
- Die handeling van enige wettig gevestigde owerheid om enige gebeurtenis waarna in enige van die klousules hierbo verwys word, te beheer, te voorkom, te onderdruk of op enige ander manier te hanteer.

Gebiedsbeperking

Sake waar die eisoorsaak buite die grense van Suid-Afrika ontstaan het: regsverteenwoordiging in enige hof of soortgelyke forum buite Suid-Afrikaanse grense is uitgesluit.

Bestaande sake

Tensy spesifiek anders vermeld onder 'n spesifieke voordeel, is alle bestaande sake, of enige koste met betrekking tot bestaande aangeleenthede, uitgesluit.

Dekking elders verskaf

Vergoeding of verliese wat onder ander versekeringskontrakte, deur die regering, of deur finansiële instellings gedek word.

Wat is by jou dekking ingesluit?

Telefoniese regsadvies

Hierdie voordeel gee jou die reg op telefoniese regsadvies oor aangeleenthede hieronder gelys, mits die advies in jou persoonlike hoedanigheid vereis word. Jy sal ook toegang hê tot 'n 24-uur regsnoodlyn waar bystand na-ure vereis word (bv. waar jy na-ure gearresteer is en om borgtog moet aansoek doen).

Die gebruik van hierdie voordeel is onbeperk, ongeag of die eisoorsaak voor of na die inwerkingtreding van jou polis ontstaan het.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Algemene siviele sake	Ja	Ja	Ja	Ja
Kriminele sake	Ja	Ja	Ja	Ja
Arbeidsake	Ja	Ja	Ja	Ja
Familiesake	Ja	Ja	Ja	Ja
Identiteitsdiefstalsake	Ja	Ja	Ja	Ja
Kontraksake	Ja	Ja	Ja	Ja
Padongeluksfonds-eisbystand	Ja	Ja	Ja	Ja

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders. As jy die Toegangsplan gekies het, sal slegs die hoofpolishouer gedek word.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit die volgende uit:

- Fisiese verteenwoordiging.
- Korrespondensie met derde partye.
- Besigheidsverwante sake.

Regskostedekking

Hierdie voordeel gee jou die reg op formele regshulp binne die grense van Suid-Afrika deur gekwalifiseerde regspraktisyns. Die voordeel dek die koste van verteenwoordiging in formele geregshofverrigtinge, forums of verhore van 'n kriminele of siviele aard.

Siviele aangeleenthede sluit die instel van regstappe in gebaseer op skriftelike ooreenkoms, karakterskending of delikte-sake. Ons sal jou ook verteenwoordig in siviele en kriminele sake en verhore wat teen jou aanhangig gemaak word.

As jy die Elite Plus Plan gekies het, sal die herroeping van landdroshofuitsprake onderhewig wees aan die toestemming van die krediteur en beperk tot twee (2) aansoeke per polis per jaar. Jy sal ook moet bewys dat jy 'n geldige verweer het, of dat jy die vonnisskuld ten volle vereffen het, en dat die skuldeiser tot 'n terugtrekking ingestem het.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Kontraksake	Ja	Ja	Ja	Ja
Dissiplinêre verhore	Ja	Ja	Ja	Ja
Siviele sake	Ja	Ja	Ja	Ja
Identiteitsdiefstalsake	Ja	Ja	Ja	Ja
Kriminele sake	Ja	Ja	Ja	Ja
Kontraksake	Nee	Ja	Ja	Ja
Borgaansoeke	Nee	Nee	Ja	Ja
Familieverwante sake	Nee	Nee	Ja	Ja
Onderhoudsverhore	Nee	Nee	Ja	Ja
Onbestrede egskeidings	Nee	Nee	Ja	Ja
Betrede egskeidings	Nee	Nee	Nee	Ja
Arbeidsake	Nee	Nee	Nee	Ja
Herroeping van hofuitsprake	Nee	Nee	Nee	Ja

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders. As jy die Toegangsplan gekies het, sal slegs die hoofpolishouer gedek word.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit uit:

- Bestaande sake en sake wat tydens die toepaslike wagtydperk ontstaan het.
- Instel van regstappe, gebaseer op mondelinge ooreenkoms, waar die bepalings en voorwaardes wat van toepassing is op die beweerde oortreding nie skriftelik uiteengesit en deur die betrokke partye onderteken is nie.
- Instel van regstappe in delikte-sake, waar jy nie relevante bewyse van die oortreding kan verskaf nie, asook 'n deskundige berekening van die oorsaak en bedrag van skadevergoeding. Instel van 'n saak gebaseer op karakterskending, waar lasterlike opmerkings nie op skrif was nie, of openbaar gemaak is nie, of waar jy nie kan bewys dat jy finansiële verlies weens die laster gely het nie.

- Arbeidsake, waar regsverteenwoordiging nie toegelaat word nie, en/of waar 'n misdryf nie afwysbaar is nie.
- Gesinsgeweldsake vir enige persoon, behalwe die hoofpolishouer.
- Besigheidsverwante sake.
- Verteenwoordiging in die Konstitusionele Hof.
- Sake wat binne die jurisdiksie van die Hof vir Klein Eise val.
- Sake teen die Staat, insluitend die munisipaliteit en plaaslike regering, waar die eisbedrag minder is as die monetêre jurisdiksieperk van die Hof vir Klein Eise.
- Eise teen die Padongeluksfonds (POF).
- Eise wat verband hou met die oortreding van intellektuele eiendomsregte.
- Sake waar daar geen moontlikheid van sukses is nie.
- Kriminele aangeleenthede wat verband hou met alkohol, of dade wat uitgevoer word terwyl onder die invloed van alkohol of dwelms, bv. bestuur onder die invloed van alkohol.
- Geskille wat verband hou met jou verblyf in Suid-Afrika as 'n buitelander of jou deportasie.
- Sake wat verband hou met aanneming of toesigregte.
- Koste van deskundige verslae en getuies.
- Eise gebaseer op pyn en lyding, onwettige arrestasie, kwaadwillige vervolging, mediese nalatigheid, of enige ander sake waar jy vir nie-geldelike verliese wil dagvaar.
- Aansoek om interdikte, uitsettingsbevele en enige ander selfgemotiveerde hofaansoeke (bv. Reël 43-aansoeke) wat nie spesifiek deur hierdie polis gedek word nie.
- Verkeersoortredings waar 'n skulderkenningsboete betaalbaar is.
- Sake waar jy ander versekering in plek het om jou skade te dek of jou teen verlies te vergoed.

Bemiddelingsvoordeel

Hierdie voordeel gee jou die reg op 'n regskundige wat regsgeskille tussen jy en 'n derde party informeel sal bemiddel en onderhandel deur middel van telefoniese konsultasies en korrespondensie per e-pos en briewe, om regsgeskille sonder hofintreding te probeer besleg. Dekking is onbeperk, mits die aangeleentheid ontstaan het ná die inwerkingtreding van jou polis.

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit uit:

- Fisiese verteenwoordiging in hofprosesse of forums.
- Sake wat reeds gelitigeer en in die hof is.
- Formele bemiddeling soos voorsien in die statutêre hofreëls.
- Besigheidsverwante sake.

Kontrakbystandvoordeel

Hierdie voordeel gee jou toegang tot 'n verskeidenheid standaard, alledaagse kortraktemplate.

As jy die Elite Plus Plan gekies het, sal jy ook gedek wees vir 'n voorhuwelikse ooreenkoms, beperk tot een (1) so 'n ooreenkoms vir die hoofpolishouer, mits hy/sy nie verloof was voor die wagtydperk verstryk het nie.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Voorhuwelikse ooreenkoms	Ja	Ja	Ja	Ja

Verkoop-van-weiendom-ooreenkomste	Ja	Ja	Ja	Ja
Skikkingsooreenkomste	Ja	Ja	Ja	Ja
Huurooreenkomste	Ja	Ja	Ja	Ja
Huishulpdienskontrak	Ja	Ja	Ja	Ja
Skuld-erkenning	Ja	Ja	Ja	Ja
Standaard testamente	Ja	Ja	Ja	Ja

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders. As jy die Toegangsplan gekies het, sal slegs die hoofpolishouer gedek word.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit uit:

- Notarisering van kontrakte.
- Opstel van pasgemaakte kontrakte.
- Besigheidsverwante kontrakte.
- Voorhuwelikse ooreenkoms vir enige persoon, behalwe die hoof Elite Plus-polishouer.

Belastingvoordeel

Hierdie voordeel bied toegang tot advies oor jou persoonlike belastingsake, asook bystand met die voltooiing en indiening van jou persoonlike jaarlikse of voorlopige belastingopgawes.

Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat jy alle vereiste dokumente aan ons verskaf sodat ons jou belastingopgawe suksesvol kan voltooi en indien. Hierdie dokumente moet ten minste een (1) kalendermaand voor die toepaslike belasting sperdatum by ons afgelewer word, anders behou ons die reg voor om enige bystand te weier. Ons kan nie dokumente bekom of kontak maak met derde partye namens jou nie. Ons kan ook nie jou persoonlike besonderhede direk by SAID opdateer nie.

As jou polis aanvangsdatum voor 1 Junie is, sal jy gedek wees vir die huidige belastingjaar (indienings wat tussen Julie en November betaalbaar is). Polisse wat na 1 Junie uitgereik word, sal slegs vanaf die volgende belastingjaar gedek word.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Advies oor salaris strukturering	Nee	Ja	Ja	Ja
Belastingopgawes (voltooiing en indiening)	Nee	Ja	Ja	Ja
Belastingbeplanning	Nee	Ja	Ja	Ja
Dispuutbeslegting met SAID	Nee	Ja	Ja	Ja
Assesseringsoudits	Nee	Ja	Ja	Ja
Besware teen SAID-aanslae	Nee	Ja	Ja	Ja
Berekening van kapitaalwinsbelasting	Nee	Ja	Ja	Ja
Berekening van skenkingsbelasting	Nee	Ja	Ja	Ja

Wie is gedek?

Slegs die hoofpolishouer.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit uit:

- Advies en/of bystand aan enige persoon, behalwe die hoofpolishouer.
- Hoofpolishouer wat nie in Suid-Afrika woon nie.
- Eenmansake, lede van 'n beslote korporasie, of aandeelhouers in 'n privaatmaatskappy.
- Besigheidsverwante belastingaangeleenthede.
- Voorleggings, besware en ouditbystand van vorige jare.
- Herinnerings en kennisgewings dat belastingopgawes, of betalings aan die SAID, verskuldig is.

Boedelbystand

Hierdie voordeel verskaf advies- en bemiddelingsdienste aan die hoofpolishouer, die eksekuteur van sy/haar boedel, sy/haar gade en afhanklike kinders tydens die hantering en afhandeling van die oorledene se boedel.

Konsultasie sal per telefoon, briewe en e-pos met alle betrokkenes gedoen word om die eksekuteur te help om die boedel te likwideer. Ons het die reg om 'n regspraktisyn aan te stel om ons te help om ons verpligtinge met enige van hierdie voordele na te kom.

Die opening van die boedelbankrekening sal eers geskied sodra 'n minimum van **R100** ontvang is. Opbrengs van aandele, beleggings, annuïteite, polisse en ander uitbetalings sal in hierdie rekening inbetaal word. Indien daar begunstigdes op sekere polisse aangeteken is, sal die opbrengs van hierdie polisse direk aan die begunstigdes betaal word.

Advies oor en bystand met die volgende:

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Konsultasie met eksekuteur	Nee	Nee	Nee	Ja
Verkryging van relevante dokumente	Nee	Nee	Nee	Ja
Identifisering van maandelikse betalings gemaak	Nee	Nee	Nee	Ja
Sluiting van boedelbankrekening	Nee	Nee	Nee	Ja
Kennisgewing aangaande beleggings	Nee	Nee	Nee	Ja
Opstel van finale rekeninge	Nee	Nee	Nee	Ja

Wie is gedek?

Slegs die hoofpolishouer.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit die volgende uit:

- Enige vorm van litigasie.
- Enige uitgawes en kostes wat die gade, afhanklikes of die eksekuteur dalk moes betaal of aangaan om die boedel te likwideer.

Borgdekking

Hierdie voordeel dek jou borg (indien toegestaan), net vir geringe oortredings. Geringe oortredings is klein misdade, wat gewoonlik met boetes of waarskuwings strafbaar is.

Borg moet vasgestel word op 'n bedrag wat nie meer as die gedekte bedrag is wat in jou skedule vermeld word nie. Hierdie bedrag sal aan die hof betaal word, maar slegs as 'n goedgekeurde prokureur wat op die paneel is, opdrag gekry het om met die borgverhoor te help.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Die borgbedrag	Nee	Nee	Ja	Ja

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit die volgende uit:

- Pro-rata borgdekking indien die borgbedrag meer as die dekkingslimiet is.
- Borgbedrae, waar die borgtogaansoek deur 'n nie-goedgekeurde prokureur op die paneel gedoen is.
- Borg in die geval van misdrywe waar, in geval van skuldigbevinding, die minimum vonnis tot tronkstraf sal lei.

Kuberversekering

Met hierdie dekking geniet jy die voordele van, en beskerming teen, sekere kubergebeure. Dekking is beperk tot vyf (5) eise per jaar.

Voordele	Toegangsplan	Essensiële Plan	Elite Plan	Elite Plus Plan
Kuberafknouery	Nee	Nee	Ja	Ja
Kuberdiefstal	Nee	Nee	Nee	Ja
Kuberaanspreeklikheid	Nee	Nee	Nee	Ja
Kuberaanval	Nee	Nee	Nee	Ja

Kuberafknouery

Ons sal jou dek vir die verwydering en onderdrukking van skadelike inhoud wat voortspruit uit kuberafknouery, insluitend:

- Regskoste om regstappe te verdedig en/of in te stel as gevolg van kuberafknouery.
- Derdeparty-onderhandeling om regsgeskille as gevolg van kuberafknouery op te los om verdere kuberteistering te stop. Korrespondensie onder hierdie voordeel sal beperk word tot telefoonoproepe, e-posse en briewe.
- Telefoniese regsadvies oor aangeleenthede wat verband hou met kuberafknouery.

Kuberdiefstal

Ons sal jou dek vir enige geldelike verlies wat jy ly as gevolg van kuberdiefstal.

Kuberaanspreeklikheid

Ons sal jou dek vir enige verlies of skade wat direk voortspruit uit 'n kuberaanval of virus wat uit of

deur jou rekenaarstelsel gegaan het, wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk, en waarvoor jy wetlik aanspreeklik is om te betaal, insluitend:

- Regskostedekking tot en met die bedrag wat in jou skedule vermeld word om regstappe as gevolg van kuberaanspreeklikheid te verdedig en/of in te stel.
- Derdeparty-onderhandeling om regsgeskille as gevolg van 'n kuberaanval op te los. Geen geldelike perk is op hierdie voordeel van toepassing nie en alle onderhandelinge sal deur ons voorkeurdiensverskaffer se inbelsentrum gelewer word. Korrespondensie onder hierdie voordeel sal beperk word tot telefoonoproepe, e-posse en briewe.
- Onbeperkte telefoniese regsadvies oor aangeleenthede wat verband hou met kuberaanspreeklikheid.

Kuberaanval
Ons sal help met die herstel of herwinning van u gebruikersdata, waar moontlik, as gevolg van'n kuberaanval, velore raakof beskadig word.

Wie is gedek?

Die polishouer, sy/haar wettige gade en tot vier (4) afhanklike kinders.

Uitsluitings:

Hierdie voordeel sluit die volgende uit:

- Verlies of skade wat verband hou met, voortspruitend is uit, of op enige manier geassosieer word met, teistering deur 'n lid van dieselfde huishouding.
- Geldelike verlies wat verband hou met gevalle waarin jy, jou finansiële en/of persoonlike inligting aan 'n derde party verskaf het deur nalatigheid, vrywillig of deur misleiding.
- Geldelike verlies deur aanlynbedrog, anders as 'n kuberaanval van jou rekenaarstelsel, bv. uitvissing (phishing), SMS'e, SIM-omruilings, ens.
- Aanspreeklikheid wat spruit uit opsetlike, roekelose, kriminele, oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige dade, foute of weglatings.
- Enige strawwe of boetes, kriminele oortredings of kriminele vonnisse teen jou.
- Verlies of skade wat onder enige verpligte statutêre versekering gedek is.
- Enige aangeleentheid waar die eisoorsaak ontstaan het voor die aanvang van die versekeringstydperk.
- Waar geen redelike vooruitsig op sukses bestaan nie.
- Verlies of skade aan elektroniese toestelle, of die sagteware daarvan, as gevolg van 'n kuberaanval.

Begrafnisplan

Wat die begrafnisplan dek

Die begrafnisplan bied die versekerde lewe maandelikse dekking vir dood as gevolg van 'n ongeluk of natuurlike oorsake. Repatriasie-bystand word ook by die dekking ingesluit.

Beskrywing van voordele

Natuurlike en onnatuurlike doodsvoordeel:

- Individuele dekking: vir die hooflid alleen.
- Familiedekking: vir die hooflid en lewensmaat plus een tot vyf afhanklike kinders tot die ouderdom van 21 (of tot 25 as hulle geregistreerde, voltydse studente is).

- Uitbreidingsopsies vir dekking van individuele familielede is ook beskikbaar teen 'n bykomende premie.
- Dood as gevolg van MIV-/Vigsverwante siektes word gedek.
- Eise sal binne twee werksdae of minder uitbetaal word – mits al die dokumentasie ontvang is..

Repatriasie-bystand

- Indien 'n versekerde lewe te sterwe kom, word die naasbestaandes die geleentheid gebied om die begrafplaas en die begrafnisonderneming te kies.
- Die stoflike oorskot word dan na die begrafnisondernemingstak wat naaste aan die begrafnis is,gestuur.
- Hierdie diens word slegs aangebied as beide die dood en begrafnis binne die grense van Suid Afrika plaasvind.

Kwalifisering vir dekking

Dekking sal slegs toegestaan word indien die versekerde lewe se intree-ouderdom tussen 18 en 65 is.

Hoe werk my betalings?

Jou begrafnisplan bied maandelikse dekking. 'n Maandelikse premie sal vooraf, op die aftrekdatum soos wat dit op jou skedule verskyn, verhaal word. Indien ons nie in die maand wat op die aktivering van jou polis volg (of in die daaropvolgende maande) jou premie op die gekose aftrekdatum ontvang nie, sal 'n grasietydperk van 15 dae aan jou toegestaan word om die premie te betaal. Jy sal ook nie vir daardie maand gedek wees nie.

Premieverpligtinge

a) Jou premieverpligtinge word in jou skedule onder "Betalingsbesonderhede" uiteengesit. Hier sal jy besonderhede oor jou betaalbare premies, inligting rakende die betaalwyse sowel as die datum waarop jou premie afgetrek word, vind. Jou polis sal slegs met ontvangs van die eerste premie in werking tree.

b) Let asseblief dat ons ooreengekom het om die premie per debietorder te verhaal. Jou debietorder sal op die datum waarop ooreengestem is verhaal word. Ons behou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum te verhaal in 'n poging om seker te maak dat jy steeds verseker is. Hierdie dag mag dalk op 'n naweek of 'n openbare vakansiedag val en in so 'n geval sal die aftrekking óf op die laaste werksdag voor óf op die Maandag of eerste werksdag ná die betrokke naweek of vakansiedag gemaak word. Indien ons nie jou premie op die gewone aftrekdatum ontvang nie sal ons, met die doel om jou dekking aktief te hou, poog om op 'n meer gepaste datum jou premie te verhaal. As die premie vir drie opeenvolgende maande nie betaal word nie, sal die polis onmiddellik gekanselleer word.

Uitsluitings

Indien die versekerde lewe se dood binne die eerste 24 maande vanaf polisaanvangs plaasvind en direk of indirek aan selfmoord of 'n selfmoordpoging toegeskryf kan word, sal dekking nie goedgekeur en voordele nie uitbetaal word nie. Hierdie bepaling geld in alle gevalle – ongeag of die selfmoord (of poging daartoe) deur waansin (tydelik of permanent), geestesiekte, of die invloed van dwelms of alkohol veroorsaak is. Indien die versekerde lewe se dood binne die eerste 24 maande vanaf

polisaanvangs plaasvind en direk of indirek aan selfmoord of 'n selfmoordpoging toegeskryf kan word, sal dekking nie goedgekeur en voordele nie uitbetaal word nie. Hierdie bepaling geld in alle gevalle – ongeag of die selfmoord (of poging daartoe) deur waansin (tydelik of permanent), geestesiekte, of die invloed van dwelms of alkohol veroorsaak is.

Hoe maak ek veranderings?

- Bel die Kliëntediensnommer by 0860 09 46 24.
- As jy 'n verandering wil maak of genoeg van ons gehad het en die polis wil kanselleer, is dit geldig vanaf die datum waarop jy met ons ooreengekom het.
- Ons mag jou polis verander of kanselleer deur jou 31 dae skriftelike kennis te gee. .

Jou verpligtinge

As jy nie die volgende nakom nie, mag ons jou dekking kanselleer.

Daarom moet jy ons asseblief:

- van ware en volledige inligting voorsien.
- in kennis stel van enige iets wat jy nog nie vir ons gesê het nie, maar wat belangrik kan wees vir ons om aan te hou met jou versekering. Jy moet ons ook laat weet as enige iets verander wat belangrik mag wees vir ons om steeds jou polis in die toekoms te aanvaar.
- nie van inligting voorsien wat tot enige mate wanvoorstelling, weerhouding of onware feite bevat nie. Jou eise kan negatief hierdeur beïnvloed word. So iets mag ook tot die besluit lei om nie langer polisvoordele aan jou toe te staan nie of om jou dekking af te keur.
- daarvan bewus maak as enige polisbesonderhede of verklarings nie ten volle korrek is nie of indien enige van hierdie besonderhede of verklarings verander.

Betwiste eise

Nadat ons eisbeslissing bevestig is, kry die hooflid of aangewese begunstigde 90 dae om vertoë aan te teken. As dit nie bnne hierdie periode gedoen word nie, sal geen verdere oorweging aan die betwiste eis geskenk word nie. As vertoë egter betyds ontvang word, mag die besluit heroorweeg word en ons sal dan bevestig of daar enige veranderinge gemaak sal word aan ons oorspronklike beslissing.

As die hooflid of aangewese begunstigde Hierna steeds die eis wil betwis, kan dit 90 dae na ons Interne Geskilbeslegtingsdepartement verwys word by dispuutresolusie@virseker.co.za of by 0860 109 059. Indien die geskil egter nie na wense opgelos kan word nie, sal 'n bykomende 180 dae toegestaan word om geregtelike prosesstukke teen ons voor te lê of om die Ombudsman vir Korttermynversekering (Posbus 32334, Braamfontein, 2017) of die Ombudsman vir Lantermynversekering (Privaatsak X45, Claremont, Kaapstad, 7735) te kontak.

Neem kennis dat die Ombudsman slegs 'n klagte aanvaar indien hy oortuig is dat die klaer prober het om die geskil op te los deur die versekeraar se bestuur of interne geskilbeslegtingsdepartment te nader.

Indien ons, ná hersiening, nie jou eis of 'n deel daarvan verged nie en jy steeds ontevrede is, moet jy binne ses maande ná afloop van bogenoemde 90 dae, geriktelike prosesstukke teen ons voorlê. As jy nie aan hierdie tydsbeperking voldoen nie, sal jy verhoed word om verdere regstappe te neem.

Wagperiode

Die wagperiode is 'n tydperk waartydens geen dekking voorsien word nie, maar die maandelikse premie steeds betaalbaar is. Die volgende wagperiodes is van toepassing:

- Vir dood as gevolg van natuurlike oorsake geld 'n ses maande wagperiode vanaf die aanvangsdatum van dekking. Hierdie wagperiode word per individuele versekerde lewe van toepassing gemaak.
- Geen wagperiode sal vir onnatuurlike dood as gevolg van 'n ongeluk geld nie.
- Indien die maandelikse premie nie ontvang word nie, sal bogenoemde wagperiode van voor af inwerking tree.

Risikobepaling

Die ouderdom van die versekerde lewe hou wesenlike verband met die aanvaarding van die polis.

Let asseblief dat die indiening van enige onvolledige of onware inligting in hierdie verband tot die afwysing van 'n eis kan lei.

Eiseprosedure

Skakel 0860 09 46 24 in die geval van 'n eis.

Die volgende dokumente moet by ons eise-afdeling ingedien word:

- Die amptelike voltooide, voorgeskrewe eisvorms soos deur die eise-adminostrateur vereis word.
- 'n Gewaarmerkte afskrif van die verkorte doodssertifikaat van die versekerde lewe.
- Bewys van die identiteit van die versekerde lewe asook van die benoemde begunstigde.
- Die polisskedule.
- 'n Volledig voltoiide BI1663 vorm (kennisgewing- van-dood-vorm).
- 'n Amptelike polisieverslag as die dood van die versekerde van onnatuurlike oorsake was.
- Bewys van die begunstigde se bankbesonderhede en een maand se bankstaat.
- As geen begunstigde benoem is nie, word 'n brief van eksekuteurskap vanaf die hooggeregshof vereis.
- Enige ander bewysdokumente wat dalk deur die versekeraar benodig mag word.
- Meer inligting sal gegee word wanneer die eiser met ons in verbinding tree.

Alle eise moet skriftelik binne ses maande ná die dood van die versekerde lewe aangemeld word.

Let asseblief dat ons inigting met die diensverskaffer moet deel ten einde van hierdie aanbieding gebruik te kan maak.

Verklaring deur versekeraar

Die bepalings van hierdie plan voldoen aan al die voorwaardes vervat in die Langtermynversekeringswet (Nommer 52 van 1998) e nook aan die bepalings van die meesterpolis, wat op aanvraag beskikbaar is.

Begrafnisplan

Behalwe vir groot hartseer, bring dood gewoonlik ook finansiële bekommernisse. Omdat ons weet dat jy nie jou gesin hiermee wil los nie, bied ons jou die volgende voordele:

- R5 000 begrafnisversekering vir die korttermynpolishouer.
- Eiseskikkings binne twee werksdae.
- Versekering vir dood weens die oorsaak van MIV-/Vigsverwante siektes.
- Slegs 'n sesmaande-wagtydperk geld. Dus kan jy net eis as die polis vir minstens ses maande aktief was.
- Onmiddellike versekering vir dood weens 'n ongeluk.

Alle eise moet binne 90 dae na die dood van die polishouer op skrif ingedien word.

Premie-kwytskelding aflegging

Ons wil seker maak jy raak nie jou besittings kwyt as jy jou werk verloor nie. Daarom gee ons jou kwytskelding op jou maandelikse korttermynversekeringspremies as jy as polishouer afgelê word.

Ons sal:

- betaling van jou kar- en huispremie waarborg vir tot ses maande (vir die leeftyd van die polis); • steeds jou Gatsakbonus uitbetaal; en
- steeds jou persoonlike besittings verseker.

Neem asseblief kennis dat:

- 'n sesmaande-wagtydperk van toepassing is – dus kan jy net eis as die polis vir minstens ses maande aktief was.
- alle eise moet binne 60 dae na die aflegging van die polishouer op skrif ingedien word.
- die Premie-kwytskelding Aflegging dek nie vrywillige aflegging, afdanking, die einde van 'n vastetermynkontrak of aftrede in nie.

Premie-kwytskelding dood

In die geval van jou dood sal hierdie produk vir jou gesin ekstra versekering/beskerming in hierdie moeilike tyd bied:

- jou Virseker kar- en huispolispremies sal betaal word vir tot ses maande (vir die leeftyd van die polis);
- jou Gatsakbonus sal onaangeraak bly; en
- jou gesin se persoonlike besittings sal steedsverseker wees.

Alle eise moet binne 90 dae na die dood van die polishouer op skrif ingedien word.

Gevreesdesiekte premie-kwytskelding (Net beskikbaar aan kliënte oor 50.)

Wie sal opdok vir jou kar- en huisversekering as jy 'n kritiese siekte opdoen wat jou onbevoeg laat? Hierdie produk maak seker dat jy en jou gesin steeds verseker is. Jou korttermyn-premie sal vir tot ses maande (vir die leeftyd van die polis) betaal word as een van die volgende toestande by jou as Virseker-polishouer gediagnoseer word:

- 'n hartaanval
- blindheid
- kanker
- 'n beroerte
- veelvuldige sklerose of motorneuronsiekte

- nierversaking
- verlamming
- ernstige brandwonde
- koma

Hierdie voordeel sal ook geld indien jy deur middel van 'n groot orgaan-oorplantingsprosedure 'n hart, long, lewer, pankreas, nier of beenmurg ontvang het. Jou Gatsakbonus sal ook beskerm word en jou persoonlike besittings sal verseker bly.

Bel 0861 47 79 11 om te eis.

Neem asseblief kennis dat:

- alle voorafbestaande aandoenings uitgesluit is van jou versekering; en alle eise moet binne 60 dae na die insident of diagnose van die polishouer op skrif ingedien word.

MIV-beskerming

Daar is baie maniere waarop jy aan MIV blootgestel kan word. Buiten seksuele oordrag kan dit ook tydens bloedoortappings, beroepsblootstellings, ens. plaasvind. Hierdie produk maak seker dat jy en jou gesin volle toegang tot vertroulike MIV-toetse en behandeling het binne die kritiese 72-uur venstertydperk ná onopsetlike blootstelling. Dit sal die moontlikheid van MIV-infeksie drasties verminder.

MIV-Beskerming-versekering bied jou:

- 'n 24-uur, 365-dae-per-jaar Sorgsentrum vir MIV-/Vigs-inligting, -advies en -berading;
- twee bloedkonsultasies ná potensiële blootstellingsgevalle;
- antiretrovirale terapie om infeksie te voorkom;
- die 'Nabehoed-Pil' om swangerskap te voorkom;
- voorkomende medikasie (profilakse) vir seksueel oordraagbare siektes (STI's);
- 'n beradingsvoordeel van R3 000 vir die pasiënt en naaste familie ná 'n seksuele aanrandingsverwante insident;
- 'n sekuriteitsvoordeel van R2 000 vir redelike sekuriteitsverbeterings na 'n seksuele aanrandingsverwante insident; en
- lewenslange inbel-advies vir jou en jou dokter.

In die geval van onopsetlike blootstelling, bel dadelik die Sorgsentrum by 0860 09 08 17.

Bel 0861 47 79 11 om te eis.

Persoonlike Ongeluksplan

Hierdie seksie bevat die besonderhede van jou Persoonlike Ongeluks-polis, lees dit dus aandagtig deur. Dit is belangrik om op elke afdeling te let, sy dekking, beperkings en wagtydperke, om seker te maak dat jy die dekking wat onder elke afdeling gebied word, ten volle verstaan.

Waaruit bestaan jou versekeringspolis?

Hierdie bepalings en voorwaardes, en die polisskedule – tesame met enige korrespondensie (e-posse en briewe) wat aan jou gestuur word, asook enige mondelinge ooreenkomste wat aangegaan is (soos aangetekende telefoonoproepe) – sal deel vorm van jou versekeringspolis. Maak seker dat jy vertroud is met die inhoud van al die dokumente en dat al die besonderhede wat in jou polisskedule aangedui word, korrek is.

Voordele van die Persoonlike Ongeluksplan

- 'n Afslag op die bykomende premie as jy jou lewensmaat byvoeg.
- Geen mediese ondersoeke word vereis nie.
- Nie-mediese uitgawe dekking as gevolg van hospitalisasie tree op die eerste dag van hospitalisasie, vir 'n maksimum van 104 opeenvolgende weke, in werking.
- Belastingvrye uitbetaling in die geval van toevallige permanente ongeskiktheid of dood.
- Blootstellingsdekking, wat jou toegang tot MIV-toetsing en behandeling na onopsetlike blootstelling bied.
- Padongeluksfonds (POF) eise-bystand.
- 24-uur mediese ontruiming.
- Traumaberading,
- Kinders tot en met die ouderdom van 25, wat finansieel van jou afhanklik is, sal ook gedek word. Die vergoedingslimiet onder hierdie afdeling word in jou skedule aangedui.

Verduideliking van versekeringsvoorwaardes in jou polis

Administrateurs
POF eise-bystand word deur LIPCO Group (Pty) Ltd geadministreer, 'n gemagtigde finansiële diens-verskaffer FDV (7508).

Geverifieerde invorderings
Dit is 'n verpligte tipe debietorder wat 'n gebruiker toelaat om die besonderhede van 'n kontrak met hul bank te bevestig voordat die debietorder verwerk word.

Ongeluk
'n Ongeluk is 'n onverwagte en onbedoelde gebeurtenis, veroorsaak deur gewelddadige, eksterne en sigbare middele, wat gewoonlik lei tot besering, hospitalisasie, ongeskiktheid of dood binne 12 maande na die voorval.

Totale permanente ongeskiktheid
Dit is 'n ongeskiktheid wat die versekerde heeltemal verhoed om werk van enige aard te kry, en dit sal waarskynlik vir die res van die versekerde se lewe duur. Hierdie toestand moet deur mediese bewyse gestaaf word.

Traumatiese gebeurtenis
'n Gebeurtenis wat gekenmerk word deur 'n gevoel van afgryse, ernstige besering of die bedreiging van dood of ernstige besering.

Skedule
Dit is die dokument wat die besonderhede van jou dekking, perke van vergoeding en toepaslike wagtydperke, en die polishouer se besonderhede lys.

Ons en ons s'n
Dit is jou versekeraar (die maatskappy wat jou versekering verskaf), of enige administrateur of diensverskaffer wat deur die versekeraar en/ of hul aangewese administrateurs aangestel is.

Algemene voorwaardes

Hoe vergoed ons jou?
As jy 'n geldige eis het, sal ons jou, of jou begunstigde, of ons aangestelde administrateurs vrywaar vir voorvalle of dienste wat deur hierdie polis gedek word.

Limiet van vergoeding
Dit is die maksimum bedrag wat ons ingevolge hierdie polis vir elke voordeel sal betaal en word in jou polisskedule gestipuleer. Ons sal geen bedrag betaal wat hierdie limiete van vergoeding oorskry nie.

Polisveranderinge en kansellasies
Enige verandering of kansellasie kan gemaak word deur ons ten minste een kalendermaand voor jou volgende betaling in kennis te stel. As jy jou polis gedurende 'n versekerde maand kanselleer, sal die premie wat vir die res van daardie maand betaal is, nie aan jou terugbetaal word nie. Jy sal egter vir die res van daardie maand gedek word.

Kansellasieversoeke kan skriftelik aan **polisdienste@virseker.co.za.co.za** gestuur word, of deur 0860 09 46 24 te bel. Ons kan jou polis verander of kanselleer deur jou 31 dae kennis te gee, per e-pos of pos, na die adres wat in jou polisskedule vermeld word.

Polishersiening
Jou polis sal elke jaar hersien word in die maand wat dit oorspronklik begin het. Enige veranderinge wat voor die hersieningsdatum aan jou polis aangebring word, sal ook deel van daardie hersiening wees.

Betalings
Jou polis is 'n maandelikse polis en jy moet die premie vooruit betaal. Jou debietorder vir die premie sal afgetrek word op die ooreengekome datum wat in jou skedule aangedui word.

Ons behou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum af te trek om seker te maak dat jy gedek word. As jou aftrekkingsdatum op 'n Sondag of openbare vakansiedag val, kan jou premie op 'n vroeër datum afgetrek word.

Betaling nie ontvang nie
As ons nie die maandelikse premie op die aftrekkingsdatum soos in jou polisskedule aangedui ontvang nie, sal jy geen dekking hê vir die tydperk waarin jy nie betaal het nie.

As jou maandelikse debietorder vanaf die tweede maand na aanvang onsuksesvol is, sal ons toelaat dat 'n grasietydperk van 15 dae vir betaling gemaak word om jou gedek te hou in die geval van 'n eis.

Wanneer jou dekking gestaak word omdat ons nie jou premie ontvang het nie, het ons die reg om jou rekening die volgende maand weer te debiteer om jou dekking weer te aktiveer, Jy moet 'n betaling maak vir jou dekking om weer te begin. As betaling nie vir drie opeenvolgende maande ontvang word nie, sal jou polis onmiddellik gekanselleer word.n

Betwiste betalings
Die polis sal onmiddellik gekanselleer word as jy besluit, of jou bank opdrag gee om die debietorder te staak.

Premie terugbetalings

Geen terugbetaling van premies sal gemagtig word as die polis gekanselleer word weens onsuksesvolle eise nie. As jou polis of gedeelte daarvan kanselleer omdat jy ook dekking vir dieselfde gebeure met 'n ander versekeraar het, sal jou premieterugbetaling beperk word tot 50% van die premies wat ontvang word.

Geverifieerde invorderings

Ons behou die reg voor om enige mislukte of afgekeurde premie in te vorder deur geverifieerde invorderings of deur die genomineerde bankrekening dubbel te debiteer. Dit kan addisionele koste meebring waarvoor ons nie verantwoordelik is nie. Geverifieerde invorderings kan te eniger tyd loop vanaf die datum van kennisgewing deur die invorderingsagent van die mislukte / teruggestuurde debietorder en sal dus nie op die genomineerde debietorderdatum ingevorder word nie.

Afkoelperiode

As jy die polis gedurende die veertien (14)-dae afkoelperiode kanselleer, sal enige premies wat gedebiteer is, na die genomineerde bankrekening terugbetaal word, aangesien geen voordele verskaf is nie.

Deel van inligting

Om jou van ons dienste te voorsien, moet ons jou persoonlike inligting verwerk, en sal ons dit doen in ooreenstemming met ons besigheidsvereistes en wetlike verpligtinge. Jy erken dat jou persoonlike inligting geverifieer en / of verwerk kan word vir versekerings-, finansiële dienste en risikobestuursdoeleindes, deur die TIH Groep van Maatskappye, teen enige ander redelike en wettige bronne of databasisse. Dit is om die akkuraatheid en volledigheid van enige persoonlike inligting wat deurlopend verskaf word, te verseker.

Ons sal jou persoonlike inligting vir die volgende doeleindes verwerk:

- Kwotering, onderskrywing, prysbepaling, diens en uitvoering van versekering en ander finansiële dienste.
- Assessering van finansiële en versekeringsrisiko's.
- Assessering en verwerking van eise en klagtes.
- Die ontwikkeling en verbetering van produkte en dienste.
- Kredietverwysing en/of verifiëring van persoonlike inligting.
- Voorkoming en opsporing van bedrog.
- Marknavorsing en statistiese ontleding.
- Ouditering en rekordhouding.
- Voldoening aan wetlike en regulatoriese vereistes.
- Deel van inligting met diensverskaffers en ander derde partye met wie ons in gesprek tree, of wat dienste aan ons lewer, om sodanige inligting namens ons te verwerk.
- Deel versekerings- en eise-inligting met ander versekeraars en bedryfsliggame om wettige redes, soos bedrogvoorkoming en eisevalidering.

Indien nodig, mag ons jou persoonlike inligting buite die grense van Suid-Afrika oordra om enige van die dienste te lewer.

Jy mag toegang verkry tot jou persoonlike inligting wat ons besit en mag beswaar aanteken teen die verwerking van jou persoonlike inligting, ons versoek om enige foute reg te stel of hierdie inligting te skrap as daar geen wettige rede vir ons is om dit te onderhou nie. Sien asseblief ons Privaatheidsbeleid en Toegang tot Inligtingshandleiding op ons webwerf vir verdere inligting.

Jy het die reg om by die Inligtingsreguleerder te kla as jy voel dat ons persoonlike inligting onwettig verwerk. Die inligtingsreguleerder se besonderhede kan gevind word deur https://www.justice.gov.za/inforeg/ te besoek.

Jou verpligtinge

As jy nie enige van die onderstaande verpligtinge nakom nie, mag jou dekking gekanselleer word, of jy mag nie dekking hê wanneer jy eis nie. Jy moet:

1) ons ware en volledige inligting gee. Enige vals inligting kan lei tot die kansellasie van jou polis, en jy sal aanspreeklik wees vir enige koste wat aangegaan word.
2) ons in kennis stel as enige van die polisbesonderhede of verklarings verkeerd is, of as enige van hierdie besonderhede of verklarings verander.
3) voldoen aan al ons redelike versoeke. Dit is jou verantwoordelikheid om te betaal en ons te voorsien van al die nodige dokumente, verslae, verklarings en ander bewyse wat ons nodig het.
4) ons verwittig van enigiets wat jy nie bekend gemaak het nie, wat vir ons belangrik kan wees om te weet om die polis te aanvaar, of oor enige veranderinge wat vir ons belangrik kan wees om voort te gaan om die polis te aanvaar, byvoorbeeld skuldigbevindings of oortredings wat verband hou met oneerlikheid of bedrog.

Belangrike tydsbeperkings

Ons sal jou slegs vergoed vir 'n eis as jy:

1) ons in kennis stel van 'n eis ingevolge hierdie polis, een-en-dertig (31) dae dae nadat ons van so 'n aangeleentheid bewus geword het.
2) ons binne veertien (14) dae na ons versoek van enige inligting, bewyse, dokumentasie en samewerking, waarvoor ons vra, voorsien.

Dubbele versekering

As enige aangeleentheid of klagte wat onder hierdie polis gedek word ook deur 'n ander versekeringsproduk of versekeraar verseker word, sal ons u slegs vergoed vir ons gedeelte van die koste of verlies.

Hoe om te eis

As jy 'n eis wil instel, bel 0860 09 46 24, Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 17:00.

Jurisdiksie

Hierdie polis is onderwerp aan die wette en statute wat in die Republiek van Suid-Afrika van toepassing is. Ons sal slegs hou by uitsprake wat eers deur 'n hof met bevoegde jurisdiksie in die Republiek van Suid-Afrika gelewer of verkry is. Ons is nie aanspreeklik vir enige regskoste en uitgawes wat buite die Republiek van Suid-Afrika aangegaan word nie.

Klagteproses

Jy kan ons interne Klagte-hantering Departement op die volgende maniere kontak om jou klagte rakende 'n eis of enige algemene klagte in te dien:

E-pos:	dispuutresolusie@virseker.co.za
Telefoonnommer:	0860 10 90 59
Posadres:	Posbus 11250, Johannesburg, 2000
Fisiese adres:	Telesurelaan 1, Auto & General Park, Riverglen, Dainfern, 2191

In ooreenstemming met die Polishouer Beskermingsreëls, sal jy as eerste stap 90 dae hê om die uitslag van jou eis te betwis deur ons Interne Klagte-hantering Departement te kontak. Onmiddellik na hierdie tydperk van 90 dae het jy 'n verdere ses maande om dagvaarding op ons uit te dien. As jy

dit nie binne hierdie tydperk doen nie, sal jou reg om die besluit te betwis verbeur word. Ons waarborg dat jou dispuut op 'n doeltreffende wyse hanteer sal word en deur middel van 'n onpartydige hersieningsproses hersien sal word. Ons moedig jou aan om eers van ons Interne Klagte-hantering Departement gebruik te maak in 'n poging om jou klagte onmiddellik op te los. Sodra ons Interne Klagtehantering Departement jou klagte hanteer het, en as die uitslag van die klagte nie in jou guns is nie, kan jy binne 'n verdere tydperk van ses maande die kort-termynversekering Ombudsman kontak (www.osti.co.za). Vir enige voldoenings- / nie-voldoeningsaangeleenthede rakende WFAT of die finansiële dienste gelewer, kan jy die WFAT Ombudsman (www.faisombud.co.za) kontak.

Algemene uitsluitings

Ons sal nie aanspreeklik wees vir die volgende nie:

- dood of besering as gevolg van verstandelike gestremdheid;
- hospitalisasie, ongeskiktheid of dood as gevolg van 'n gevaarlike aktiwiteit, alkohol- of dwelmmisbruik;
- nie-ongelukverwante hospitalisasie; of
- dood en besering as gevolg van natuurlike oorsake, selftoegediende beserings of dood deur selfmoord.

Mediese uitgawes

Enige mediese uitgawes en/of besigheid van 'n mediese skema.

Onluste, oorloë, politieke dade, openbare wanorde, terrorisme of enige poging tot sulke dade

Sake wat voortspruit uit, of jou deelname aan:

- Burgerlike oproer, arbeidsversteurings, oproer, staking, uitsluiting of openbare wanorde, of enige handeling of aktiwiteit wat bereken of gerig word om enige van bogenoemde te veroorsaak;
- Oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandigheid of oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;
- Muitery, militêre of wederregtelike oorname, krygswetgewing, 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die verklaring of instandhouding van krygswetgewing, 'n staat van beleg, volksopstand, rebellie of revolusie noodsaak;
- Enige daad of handeling (of dit nou namens enige organisasie, beheerliggaam, persoon of groep persone gedoen is) wat bereken is of daarop gemik is om enige staat of regering of enige politieke, plaaslike of stamowerheid met mag of deur middel van vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed;
- Enige daad of handeling wat bereken is of daarop gemik is om verlies of skade te berokken ten einde 'n politieke mikpunt, doelwit of doel te bevorder, of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring, of in protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stam owerheid, of om vrees onder die publiek of enige gedeelte van die publiek te laat posvat;
- Die daad van enige wettige ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander manier wat handel oor enige gebeurtenis waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

Territoriale perke

Sake waar die oorsaak van optrede buite die grense van Suid-Afrika ontstaan het.

Vooraf-bestaande sake

Enige ongelukke of beserings wat voor die aanvang van hierdie polis gebeur het.

Dekking elders verskaf

Vergoeding of verliese wat onder ander versekeringskontrakte deur die regering of finansiële instellings gedek word.

Wat is by jou dekking ingesluit?

Totale Permanente Ongeskiktheidsdekking

As die versekerde ongeskiktheid ly as gevolg van 'n ongeluk, sal ons hom/haar vergoed volgens die omvang van voordele en vlak van dekking wat gekies is – sien die omvang van die voordeletabel hieronder.

Skaal van voordele vir ongeskiktheid

Ongeskiktheid	Ongeskiktheid
Totale permanente ongeskiktheid	100%
Permanente en ongeneeslike verlamming van al die ledemate	100%
Verlies van beide hande of beide voete	100%
Algehele verlies van sig en beide oë	100%
Permanente verlies van gehoor in: • Beide ore • Een oor	 75% 20%
Permanente en totale verlies van spraak	75%
Verlies van een ledemaat, een hand, een voet of algehele sig in een oog	60%
Verlies van vier vingers op enige hand	40%
Verlies van 'n duim: • Albei litte • Een lit	 20% 10%
Verlies van vingers op enige hand: • Drie litte • Twee litte • Een lit	 10% 8% 5%
Verlies van tone op enige voet: • Almal op een voet • Groottoon – beide litte • Groottoon – een lit • Enige toon behalwe die groottoon (elk)	 30% 10% 5% 5%

As jy vir meer as een van bogenoemde beserings of verliese eis, sal die som van jou totale uitbetaling tot 100% beperk word.

Hospitalisasie

As die versekerde weens 'n ongeluk hospitalisasie benodig, sal jy vanaf dag een tot 104 weke gedek wees. Nie-mediese uitgawes as gevolg van hospitalisasie word ook gedek. Die eis sal slegs uitbetaal word wanneer die hospitaalrekords verskaf is en vir betaling goedgekeur is. As vergoeding vir ongeskiktheid of dood betaalbaar word, sal daar geen vergoeding onder hierdie voordeel wees nie.

Die voordeel sal slegs direk aan die polishouer betaal word en nie aan die hospitaal of verskaffer van die gesondheidsdienste nie. Let asseblief daarop dat dit nie 'n mediese skema is nie en dat die dekking nie dieselfde as dié van 'n mediese skema is nie. Hierdie polis is nie 'n vervanging vir mediese skema lidmaatskap nie.

Sterftedekking

As die versekerde weens 'n ongeluk sou sterf, sal ons sy/haar genomineerde begunstigde(s) of boedel, volgens die vlak van dekking wat gekies is, uitbetaal. Vergoeding vir algehele permanente ongeskiktheid of dood sal in 'n enkelbedrag uitbetaal word. Betaling is belastingvry.

MIV-Beskerming

Mense wat MIV-positief is vind dikwels dat die samelewing hulle soms weens vrees en onkunde vermy en veroordeel. In die geval dat jy aan MIV blootgestel is, sal jy alle moontlike bystand en leiding benodig.

Die doel van hierdie produk is om seker te maak dat jy en jou gesin volle toegang het tot vertroulike MIV-toetsing en -behandeling binne die kritiese 72-uur venstertydperk ná toevallige/onopsetlike blootstelling. Dit sal die moontlikheid van MIV-infeksie drasties verminder.

Onopsetlike blootstelling aan MIV Onopsetlike blootstelling aan MIV kan op menigte wyses geskied, insluitend:

- seksuele oordrag deur aanranding en/of molestasie;
- bloedoortappings en toevallige kontak met naalde;
- direkte kontak met liggaamsvloeistowwe van 'n besmette persoon, byvoorbeeld, deur 'n motorongeluk;
- beroepsblootstelling, bv in die gesondheidsbedryf; en
- ma-na-kind oordrag tydens swangerskap, geboorte en borsvoeding.

Wat jou te doen staan in die geval van onopsetlike blootstelling

In die geval dat jy onopsetlik aan MIV blootgestel is, moet die volgende stappe geneem word om u veiligheid te verseker:

1) Bel dadelik die Sorgsentrumnommer op hierdie brosjure.
2) Jy sal na die naaste dokter, kliniek of hospitaal verwys word, waar jy gepaste behandeling sal ontvang.
3) Bloedtoetse sal gedoen word om jou MIV-status vas te stel.

In die geval van 'n MIV-negatief toetsresultaat:

- sal antiretrovirale behandeling voorsien word;
- sal profilaktiese terapie (voorbehoedmiddels) voorsien word om sodoende moontlike seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) te voorkom;
- sal die 'nabehoed-pil' aan jou gegee word in die geval van seksuele aanranding;
- sal jy oor 'n drie-maande tydperk gemonitor en hertoets word; en
- indien jou status negatief bly, sal die saak afgehandel wees.

In die geval van 'n MIV-positief toetsresultaat:

- sal SOI-behandeling en die 'nabehoed-pil' voorsien word;
- sal jy die geleentheid hê om by 'n MIV-/Vigssiektebeheerprogram aan te sluit (koste vir behandeling sal uit jou eie sak of mediese fonds kom); en
- sal lewenslange inbel-advies en berading vir jou en jou dokter beskikbaar wees.

Behandelingsvoordele

- Toegang tot 'n 24-uur, 365-dae-per-jaar Sorgsentrum vir MIV-/Vigs-inligting, -advies en-berading.

- Twee bloedtoetse en konsultasies na ’n geval van moontlike blootstelling.
- Antiretrovirale terapie om infeksie te voorkom.
- Die ‘nabehoed-pil’ om swangerskap te voorkom.
- SOI-voorkomende medikasie (profilakse/voorbehoeding).

Seksuele aanranding

In die geval dat jy seksueel aangerand word, sal jy toegang tot die volgende hê:

’n Onbeperkte beradingsvoordeel vir die pasiënt en sy/haar gesin. Die pasiënt mag **R1 000** hiervan vir alternatiewe terapie, soos byvoorbeeld refleksologie, aromaterapie ensovoorts, gebruik. Let asseblief dat enige diens wat onder hierdie voordeel gebied word deur ’n geregistreerde praktisyn uitgevoer moet word. Oorspronklike rekeninge moet saam met alle eise gestuur word vir vergoeding.

’n Sekuriteitsvoordeel van **R2 000** vir redelike sekuriteitsverbeterings na ’n seksuele aanrandingverwante voorval. Let ook asseblief dat enige diens wat onder hierdie voordeel gebied word deur ’n erkende maatskappy of individu gelewer moet word. Oorspronklike rekeninge moet die terug-eise vergesel.

Hoe om jouself te beskerm

- Gebruik altyd ’n kondoom.
- Ken jou seksuele maat se leefstyl.
- Vermy kontak met bloed en ander liggaamsvloeistowwe, naalde en spuite.

Proses wat op onopsetlike blootstelling volg



Trauma berading

Hierdie voordeel sal die versekerde en familielede wat onder hierdie plan gedek word, help na ‘n traumatiese gebeurtenis met:

- Tot drie (3) traumaberadingsessies van aangesig tot aangesig
- Hulp met voorbereiding van die hofsaal vir getuies/oorlewendes
- Verwysing na groepterapie en ondersteuningsgroepe
- Begeleiding vir I.D. parades en hofverhore
- Verwysing na ‘n plek van veiligheid of skuiling

Padongeluksfonds eise-bystand (POF)

Bystand sal aan die versekerde verleen word met die evaluering van ‘n moontlike eis teen die POF ná ‘n motorongeluk op ‘n Suid-Afrikaanse pad. Indien dit as ‘n geldige eis beskou word, sal hulp verleen word met die voorbereiding van die saak.

Mediese ontruiming van noodgevalle

Hierdie voordeel bied aan die versekerde en familielede wat onder hierdie polis gedek word:

- Noodtelefoniese hulp;
- Noodreaksie per pad na die toneel van die voorval;
- Vervoer per pad na die naaste mediese fasiliteit.

Bogenoemde voordele sal aan die versekerde en gedekte familielede verskaf word in geval van ‘n ongeluk.

Hierdie voordeel vervang nie ‘n mediese fonds nie en sluit nie die mediese uitgawes vir enige prosedures in die hospitaal in nie.Hierdie is nie ’n mediese skema en die dekking is nie dieselfde as dié van ’n mediese skema nie. Hierdie polis is nie ’n vervanging van ’n mediese skema lidmaatskap nie.

GatsakBonus

Omdat jy ons so min geld uit die sak gejaag het, wil ons jou beloon met ’n Gatsakbonus! As jy vir vier aaneenlopende jare nie geëis het nie, is jy geregtig op ’n uitbetaling van jou hele eerste jaar se premies of tot 25% van al jou premies wat jy oor die vier jaar betaal het (dit sluit enige bydrae aan die Virseker Trust uit).

38443 38438 Vir, Bepalings & VoorwaardesVs_22/11/2023

Verkope, Kliëntediens en Eise: 0860 09 46 24

Virseker is ’n produk van Auto & General Versekeringsmaatskappy Beperk, ’n gemagtigde versekeraar en finansiële-diensverskaffer (FDV-lisensienommer: 16354). Enige verwysing na “ons”, “deur” of “met” op hierdie dokument verwys na Auto & General. Bepalings en voorwaardes geld.